

J₆ B₁
 H₁ E₁ I₁ L₃ I₁ G₁ E₁ G₁ E₁ E₁ S₁ R₁
 S₁ O₂ E₁
 U₄ B₁ I₁ D₁ D₁
 S₁ Y₄ A₃
 B₁ S₁
 N₁ U₄ W₁ E₁ T₁ E₁ S₁ T₁ A₁ M₁ E₁ N₁ T₁ D₁
 L₃ O₁
 S₁ J₆ R₁
 K₁ A₁ T₁ E₁ G₁ E₁ S₁ E₁ G₁ P₁
 E₁ U₄ U₄ E₁ G₁
 R₁ D₁ G₁ G₁ E₁ N₁ O₁ E₁ G₁
 K₃ I₁ K₁ A₃ M₁
 E₁ A₁ A₁ N₁ B₁ I₁ D₁ E₁
 M₁ E₁
 P₅ N₁
 U₄ T₁
 S₁ E₁

GENOEG & GENADE

Inleiding

Beste fasiliteerder,

Dankie dat jy jou dissipelskap beoefen deur om jou geloof in 'n nuwe generasie Christene te belê. Jou tyd en aandag is vir ons kosbaar en daarom het ons met hierdie projek begin om nuwe, relevante teologiese opleiding te skep. Hier is 'n paar punte om jou te help om voor te berei:

- Dit sal goed wees as jy hierdie boek gebruik om jou eie huisgodsdienste te begelei.
- Dit beteken dat indien jy elke week 1 uur aan die les gaan spandeer, jy 'n baie goeie werk sal doen.
- Indien jy hulp nodig het, vra asb. vir jou kollegas of bel vir ds. Jaco of ds. Karlie.
- Indien jy ekstra inligting nodig het, kan jy op die webwerf gaan kyk:
<http://mannaandmercy.org>
- Indien jy die aktiwiteite in die boek gebruik sal die gemeente so ver as moontlik probeer om voorraad aan te koop.
- Jy is ook welkom om kreatief te wees en jou eie idees te gebruik. Ons begroting laat egter net toe vir beperkte aankoop vir materiaal.

Laastens, jou terugvoer op die reis is vir ons baie belangrik. Indien jy sukkel, voel iets werk nie of 'n voorstel het, deel dit gerus met ons.

Mag jy God op nuut ontdek op hierdie reis.

Seën

Di. Jaco en Karlie

Meditatiewe Gebed

Om te bid is gewoonlik vir meeste van ons moeilik. Wat sê ek? Hoe sê ek dit? Met wie gesels ek? Sê ek die regte goed? Gesels God terug? Dit is so belangrik om reeds so vroeg as moontlik met die kinders te gesels oor gebed en hoe om dit te benader. Hier is 'n paar belangrike gedagtes rakende die agtergrond van hierdie manier van bid en gebed oor die algemeen:

1. Gebed is dié manier waarop ons met God kommunikeer in ons verhouding met God. Dit begin nie by wat ons sê of dink nie, maar wat God oor ons dink en vir ons sê. In gebed is God aktief en ons reageer op sy liefde aan ons.
2. Gejaagde gebed se uiteinde is dikwels selfspraak. Charl Jung: *To hurray, is not from the devil, it is the devil!*
3. Ons is almal verskillend en daarom sal ons ook op verskillende maniere bid. Hou aan bid op verskillende maniere, totdat jy 'n manier gevind het wat werk vir jou persoonlikheid samestelling of die fase waarin jou lewe nou is.
4. Gebed vra stilte, afsondering en die gewilligheid om te wag op die Gees. Gebed is 'n vaardigheid wat vra dat ons sal oefen totdat ons gemaklik is met stilte, afsondering en om te wag.
5. Soms wag ons lank om dié antwoord wat God gee, te verstaan. As ons aanhou breek die antwoord altyd deur wanneer ons gereed is.
6. Gebed vra 'n eerlikheid oor wat in ons gemoed en lewens aan die gang is. Eerlike selfondersoek is noodsaaklik wanneer ons bid, want God ontmoet ons waar ons is. Hoe beter ons insig in ons eie nood of vasgelooptheid het, hoe beter is die kans dat ons God se teenwoordigheid in ons gebede sal verstaan.
7. In gebed ontmoet God ons, altyd, elke keer. Die antwoorde van God in ons gebede is lewegewende aanrakings, hoewel dit nie noodwendig altyd ooreenstem met wat ons vra nie.
8. Ons bid nie sodat ons God daardeur verander nie, maar sodat ons in gebed deur God vernuwe kan word. (CS Lewis)
9. As ons bid uit skuldgevoel, of as skuldgevoel die enigste uitkoms van baie van ons gebed is, kan dit wees dat ons eintlik met 'n godsdienstige ritueel besig is. Kontak met die Lewende God is meer as skuld, dit is ook genesend en bevrydend en rigtinggewend.
10. As ons net bid wanneer ons in nood is, sal ons moeilik die vervulling van 'n gebedslewe beleef.

11. In gebed is ons gemoed, ons gedagtes én ons liggame betrokke. Ons bid óók met ons liggame, ons asemhaling, ons hande ens. neem deel aan ons gebede.

12. Ons leer beter om te bid as ons dit onder begeleiding van 'n geestelike begeleier doen.

13. Vir meeste mense is dit goed om 'n vaste gebed ritme te ontwikkel.

Meditatiewe gebede vir die kinders lyk anders as vir volwassenes. Dit mag dalk aanvanklik 'n vreemde gevoel wees vir die kinders om stil te sit. Aanvanklik mag dit dalk ook langer vat. Hoe meer julle die gebede saam doen, hoe makliker en meer gemaklik sal die kinders word.

Wees kreatief - laat die kinders sommer plat op die vloer lê. Gebruik *lego* blokkies of iets waaraan die kinders kan vat of ruik tydens die gebed om fokus te behou.

Dit is ook baie belangrik om altyd na die gebed tyd te gee vir as 'n kind graag iets wil vra of deel.

Ek wonder vrae...

1. Wat het vir my uitgestaan in die teks?
2. Wat leer die storie my van God?
3. Wat leer die storie my van Jesus?
4. Wat leer die storie my van die Heilige Gees?
(Nie elke teks gaan oor Jesus of die Gees of selfs God nie, kinders kan sê wat uitstaan, dalk is dit net 'n woord of iets oor liefde of 'n konsep.)
5. Wat leer die teks vir my oor die skepping?
6. Wat leer die teks vir my oor God se verhouding met die mens?
7. Is daar iets in die teks wat my omkrap?
8. Is daar iets in die teks wat my gerus stel?
9. Is daar iets in die teks wat my opgewonde of bly maak?

Storie vertelling

*Lees altyd die verwysings in die Genoeg en Genade boek vooraf vir konteks.

Godly Play

Impromptu Toneel

Ander idees/maniere om stories te vertel:

<https://missionbibleclass.org/teaching-ideas/visual-aids/>

Moontlike Aankoms rituele

Hoe ons elke byeenkoms wil hanteer is om 'n ruimte te skep waar elke kind tuis en geliefd voel dat hulle eerlik kan vrae vra en spontaan deelneem.

1. Christuskers & Doop Herinnering

Begin dalk om een van die kinders te vra om 'n kersie aan te steek en te sê waarvoor hy of sy dankbaar is die week. Nadat die kers aangesteek is, herinner almal dat God ons liefhet en ons wil help om Hom en mekaar lief te hê.

2. Rek en Streck

Laat kinders opstrek na die hemel, kyk of hulle hulle tone kan raak, ver na links/regs strek ens. Dit help om hulle te “ground” en die ys te breek.


Jy kan hulle ook op die grond laat lê en vra om elke deel van hul lyf te ontspan. Daarna vra jy vir hulle om na te dink oor wat die beste en slegste deel van hul week is.

Laaste vra jy vir hulle om na te dink oor waar hulle die Here die week raak gesien het (in ander mense soos familie of vriende of die skepping) Hier is dit belangrik dat jy ook deelneem en dit met die kinders deel oor hoe jou week was.

Hierdie deel is baie belangrik om vertroue en verhoudings te bou in die groep. Dit gaan dalk aan die begin bietjie *awkward* wees, maar soos wat die kinders jou storie en jou lewe leer ken, hoe meer gaan hulle ontspan en deelneem.

3. Bybel Tydlyn

Die Bybeltydlyn kan gebruik word om die kinders te help verstaan waar 'n spesifieke verhaal/ontmoeting in die Bybel gebeur. Die tydlyn is ook op die webwerf beskikbaar.



4. Kerkjaar

Die hele inhoud is so ver moontlik vervleg met die Kerkjaar. Dit beteken die les oor Paasfees val naby Paasfees. Ons probeer die jongmense leer van die ritmes van die kerk. Hier is die lys van temas in die Kerkjaar.

- Advent (Afwagting vir Christus se koms)
- Epifanie (Wat beteken Christus se koms vir ons)
- Lydenstyd (40 dae voor Paasfees, hoekom het ons God se genade nodig?)
- Paasfees (Christus wat vir ons ster en uit die dood opstaan)
- Pinkster (Wat beteken die Gees van God in ons lewens)
- Koninkryk tyd (Wat beteken dit om aan 'n Kerk en geloofsgemeenskap te behoort)

5. Offergawes

- MOM - My Own Money (leer vir kinders dat hulle 'n klein bietjie van hulle eie sakgeld moet bring, eerder as Ma of Pa se geld).
- Rentmeesterskap is belangrik. Ons wil verantwoordelik omgaan met wat God vir ons gee.
- Ons leer ook hier dat kinders moet deel en nie vashou aan goed nie.

Laat 'n kind na die opneem van die offergawes daarvoor bid.

6. High-5 ry (Afsluiting)

Almal staan in 'n lang ry. Die eerste persoon begin deur vir die leier 'n high-5 te gee. Dan gaan staan hierdie persoon langs die leier. Die tweede persoon gaan dan en gee vir die leier en die eerste persoon 'n high-5, en gaan staan langs die eerste persoon (*terwyl almal anders in die ry bly staan*)...dan gaan die derde persoon en gee vir die leier, die eerste en die tweede persoon 'n high-5, en gaan staan langs die tweede persoon...en so hou dit aan totdat almal in die groep 'n high-5 by almal gekry het.

GENOEG & GENADE



Ontmoeting 1: Gelykenisse

VIR DIE LEIER

KERNGEDAGTE: Jesus hou aan met die tradisie van 'n lewe van genoeg hê leer deur storie vertelling en sy interaksies met ander mense. Daar is 'n sterk skakel tussen die stories wat Jesus vertel (gelykenisse) en dit wat ons van Jesus leer (in die evangelies).

GENOEG EN GENADE BOEKVERWYSING: bladsy 43-50

VIDEO: <https://www.youtube.com/watch?v=dDpwk6tifMI>

SKRIF: Lukas 15:11-32

Nota: Moeilike maar belangrike woorde word ingekleur en mag dalk herhaaldelik verduidelik moet word. Onderstreepte woorde/frases is noodsaaklik vir die verbande tussen ontmoetings.

ONTMOETING

AANKOMSRITUELE:

Laat almal hulle skoene uittrek en bymekaar staan

Begin 'n storie sirkel. Die eerste persoon begin die storie met 1 woord of sin, en elkeen kry 'n beurt om iets by te voeg. As hulle niks wil sê nie, laat hulle hulle hande klap. Vir ouer kinders sal die speletjie meer sin maak, kleiner kinders sal dalk nie heeltemal verstaan nie. Die storie hoef nie sin te maak nie, hulle kan mekaar help en julle kan enige tyd oor begin of ophou.

Sing 'n paar liedjies saam

MOM - My Own Money (offergawes)

Doen 'n Rek-en-strek oefening voordat almal sit

Vra vir 2 of 3 kinders om 'n gebed te doen

Hersien die wasgoedlyn tydlyn

STORIEVERTELLING:

Verduidelik aan die groep dat ons oor die volgende drie weke verskillende stories gaan hoor wat Jesus vertel het, en ons gaan ook leer oor wat die Bybel (die **evangelies**) oor Jesus vir ons vertel. Tel 'n Bybel op en verduidelik dat die stories uit 3 van die 4 evangelies kom - Matteus, Lukas en Johannes.

Evangelie = Goeie Nuus!

Begin deur te beklemtoon dat Jesus aangehou het om mense te leer wat dit beteken om 'n lewe van genoeg te hê, maar hy het dit gedoen deur sy dae (**dit wat ons in die evangelie lees**) en sy stories (**gelykenisse**)

- Verduidelik die verskil tussen dit wat in die evangelies gebeur (wat Jesus gedoen het) en die gelykenisse (die stories wat Jesus vertel het).
- Behalwe vir elke gelykenis hieronder is daar 'n woord wat uitgelig moet word terwyl die gelykenis vertel word. Dit is die sleutelwoord wat die kinders sal gebruik om die gelykenis met dit wat in die evangelie gebeur te skakel tydens hulle les. Maak seker daar is sleutelwoord kaarte naby wat jy kan ophou soos wat jy die storie vertel.
- Verduidelik die 3 gelykenisse in jou eie woorde. Moet dit nie lees nie. Verduidelik die woorde wat moeilik is, soos die wat uitgelig word.

Sleutelwoorde:

Gevoer

Vergewe

Gevind

Gelykenis:

Die groot fees (Lukas 14:15)

Die tollenaar e die Fariseër (Lukas 18:9)

Die verlore muntstuk of skaap (Lukas 15:11-32)

LES & AKTIWITEIT:

Praat saam in die groep oor wat dit is in die storie wat vir elkeen mooi is. Julle kan selfs saam na die video kyk. Begin altyd met jou eie storie en dalk iets wat al in jou lewe gebeur het wat jou herinner van een van die gelykenisse.

Hoor wat elkeen leer van God by hulle ouers, familie en vriende wat hulle laat dink aan een van die temas.

Afsluiting:

MEDITATIEWE GEBED

GENOEG & GENADE

Ontmoeting 2: Jesus in Jerusalem

VIR DIE LEIER



KERNGEDAGTE: Die gebeure van die heilige week (voor Jesus se kruisiging) is kern tot die verstaan van die storie van die Jesus se opstanding asook sekere rituele in die Christen kerk.

GENOEG EN GENADE BOEKVERWYSING: Hfst 12, Bl. 52-57

VIDEO: <https://www.youtube.com/watch?v=qY9KTJyUMYo>

SKRIF: Matteus 26:14-27:66; Markus 14:10-15:42; Lukas 22-23; Johannes 18-19

Nota: Moeilike maar belangrike woorde word ingekleur en mag dalk herhaaldelik verduidelik moet word. Onderstreepte woorde/frases is noodsaaklik vir die verbande tussen ontmoetings.

Sonde word gedefinieer as "mense wat probeer om GROOTKOPPE te word..

BENODIGHEDE:

- Tema-prent vir die wasgoedlyn
- Bybel (om na te verwys)
- 7 Naamkaarte van stasies
- 7 emosie-kaarte vir stasies
- 7 groot prente vir stasies
- Teks vir die 7 stasies - uitgedruk
- 30 klein prentjies (1 stel vir elke kind)
- Houer om die prentjies in te sit (banksakkies kan goed werk)
- Huis-geloof uitdeel stuk

HULPBRONNE:

- 30 prentjies
- Powerpoint met 7 stasies en ooreenstemmende emosies

ONTMOETING

AANKOMSRITUELE:

Verwelkoming, Kers aansteek & Doopherinnering, Verjaarsdae, Offergawes, Ons Deel Boks, Bybeltydlyn

Sê en doen saam die herinneringsrympie:

God het ons lief (hande oor hart)

En gee vir ons genoeg (arms uit)

Herstel ons met genade (druk jousef)

Maak nie saak WAT nie (kop heen en weer)

Tema-prent op wasgoedlyn

STORIEVERTELLING:

Hersien verlede week se tema oor die Onse Vader en dat Jesus sy dissipels geleer het. Tel die Bybel op en verduidelik dat vandag se stories uit al vier die evangelies kom. Vandag se tema is **Jesus in Jerusalem**.

Hierdie les beweeg 2 keer deur 7 stasies. Die eerste rondte is veronderstel om in die grootgroep te gebeur en fokus op die verskillende emosies wat verskillende persone ervaar het. Die tweede rondte moet in die kleingroepe gebeur en fokus op die detail van wat gebeur en prente word uitgedeel. Indien dit nie prakties is om 2 keer deur die stasies te gaan nie kan die stasies gehou word vir die kleingroepe en in die grootgroep kan slegs 1 prent per "stasie" gewys word (plakkaat of powerpoint) en dan vinnig gepraat word oor wat daar gebeur en die verskillende emosies. Die detail beskrywing van wat gebeur gaan dan in die kleingroepe gebeur.

Naamkaartjies: Stasie name

1. 'N Jerusalem hek
2. Die Joodse tempel
3. Die bovertrek
4. Tuin van Getsemane
5. 3 verhore van Jesus
6. Golgota
7. Jesus in die graf

Stasie gevoelens

- Die mense het **vreugde** ervaar
Jesus was **kwaad**
Die dissipels was **verward/deurmekaar**
Jesus was **bang**
Jesus was **hartseer**
Die dissipels was **geskok en ontsteld**
Die dissipels het **hooploos** gevoel

DOEN SAAM:

MEDITATIEWE GEBED

Vra die kinders om gemaklik te sit en hulle oë toe te maak. Dit mag dalk 'n hele tydjie neem

voordat almal lekker rustig is. Jy as leier sê nou die volgende woorde hardop terwyl die kinders in stilte op hul eie hieroor dink. Gee genoeg kans tussen-in vir die kinders om werklik met God te kan gesels en Sy teenwoordigheid te kan voel.

- Vra nou dat almal hul oë sal toemaak
- Haal lekker diep asem en asem weer lekker uit (herhaal tot almal rustig/stil is)
- Luister na al die klanke wat jy hoor
- Lê nou in stilte en dink bietjie
- Wat het hierdie week gebeur wat vir jou sleg was? Hoe het jy gevoel
- Wat het hierdie week gebeur wat vir jou lekker was? Hoe het jy gevoel?
- Vertel vir die Here van hierdie gevoelens (emosies) wat jy gehad het
- Hy was daar toe jy hierdie emosies beleef het, maar dis goed vir jou om hierdie ervaringe met Hom te deel in jou gedagtes
- Gee oomblik vir stilte
- Haal weer lekker diep asem (herhaal so x3 keer)
- Staans stadig en rustig weer op

ERVARING/AKTIWITEIT

Jou konteks sal bepaal hoe jou stasies lyk en uiteengesit word. In 'n groot spasio kan julle die stasies ver uitmekaar hê en fisies van stasie na stasie loop. In 'n klein klaskamer kan julle die hoof prente en name teen die muur opplak en elke keer na een verwys sonder om noodwendig te beweeg. Let wel dat fisiese liggaamlike beweging goed is om te help konsentreer en te onthou.

Elke klaskamer het 7 stasies met die naam van die stasie en 'n prentjie wat die stasie uitbeeld. By elke stasie is 'n hoop prentjies. Genoeg vir 1 van elk per kind. Die emosie van elke stasie kan ook bygesit word. Vir jonger kinders kan die storie by elke stasie verkort word en minder prente per stasie uitgedeel word.

Verduidelik die volgende aan die kinders:

- Ons gaan vandag stilstaan by 7 stasies. Elkeen verteenwoordig 'n plek waar Jesus was in die week voor sy kruisiging. Hierdie week word die Heilige Week genoem.
- Die prentjies by elke stasie gaan jou help om die storie te verstaan en te onthou.
- Probeer om die prentjies in volgorde in jou sakkie / houers te bêre.
- Volgende keer gaan ons 'n kaart speletjie daarmee speel

- Probeer onthou waarom elke prentjie gaan sodat jy volgende week die speletjie kan speel

Hieronder is punte om by elke stasie oor te gesels. Probeer om dit nie te lees, maar eerder te vertel. Gebruik die prentjies as riglyne. Jy hoef nie oor al die detail te gesels nie. Name van prentjies is in blou. Moeilike woorde (om te verduidelik) is geel ingekleur.

Stasie 1: Die Jerusalem hek

- Jerusalem was VOL mense wat daar was vir die Pasga fees (hierdie fees was om die laaste plaag te vier wat die Jode gehelp het om uit Egipte te ontsnap. Daar was meer as een hek wat mense toegang tot Jerusalem gegee het (onthou, die stad het 'n muur om gehad). Toe Jesus deur een van hierdie hekke gegaan het, het 'n skare mense hom tegemoet gegaan. [Jerusalem hek](#)
- Jesus het die stad binne gery op 'n donkie, met die doel om 'n **profesie** (voorspelling) te vervul oor die koms van die Messias in die boek Sagaria, een van die boeke in die Ou Testament. [Jesus op 'n donkie](#)
- Soos wat Jesus die stad binne gery het, het die mense met vreugde, [palmtakke](#) rondgewaai en op die grond voor hom neergesit terwyl hul "**Hosanna**" geskree het, wat "Red Ons" beteken. Hulle het gehoop dat Jesus die messias was waaroor die profete baie jare van te vore oor geskryf het. Hulle wou hê dat Jesus die Romeine omver werp en hulle nuwe godsdienstige en politiese leier word.
- ([Kinders moet nou 4 prentjies in totaal hê](#))

Stasie 2: Die Jerusalem tempel

- Ons het al van te vore van die tempel storie gehoor toe ons oor Hannuka storie gepraat het. Dit is waar die Vennoot-mense God aanbid het sedert Koning Salomo se tyd, lank voor Jesus geleef het. [Joodse tempel](#).
- Vennoot-mense/Jode het van baie verskillende lande gekom. Hulle het diere gekoop om aan God te offer by die tempel. Maar aangesien hulle van ander lande gekom het, het hul ander geldeenhede gehad daarom moes hulle eers die geld ruil sodat hulle met "jerusalem-geld" offer-diere kon koop. Die mense wat die geld geruil het, het dan ook sommer bietjie ekstra geld vir hulself gevat. [Geld wisselaars](#)
- Toe Jesus so baie geld-ruilers sien, het hy baie kwaad geword omdat Hy geweet het dat hulle bietjie-bietjie geld steel. Hy het geskree dat die tempel 'n plek van aanbidding moet wees, nie 'n rowersden nie en toe het hy die tafels omgegooi. [Jesus en die geldwisselaars se tafel](#).
- Hierdie gebeure het die GROOTKOPPE by die tempel (die priesters en skrifgeleeders) baie bekommerd en kwaad gemaak. Hulle het gedog dat Jesus beheer oor dinge wou neem by die tempel. [Kwaai GROOTKOPPE](#).
- Kinders kry nog 4 prentjies. 8 in totaal

Stasie 3: Die bokamer

- Die bokamer is die spesiale plek waar Jesus besluit het om die Pasga-fees ete te hou. Hy het besluit dat hy hierdie ete 'n nuwe betekenis wil gee. Toe hy die brood in stukke breek wat hulle sou eet, het Hy gesê dit is Sy liggaam wat gebreek sou word (aan die kruis). Toe hy vir hulle die beker met wyn aangebied het, het hy gesê dit is Sy bloed wat uitgegiet sou word. Jesus het geweet dat Hy amper sou sterf, maar sy dissipels het nie geweet nie, so hulle was verward en deurmekaar. Brood en wyn
- Tydens die feesmaal het Jesus gesê dat wanneer ook al hul bymekaar is om brood te eet en wyn te drink op hierdie manier, moet hulle dit doen om Hom te onthou. In ons kerk het ons ook hierdie ritueel. Ons noem dit die nagmaal. Tydens nagmaal eet ons brood en drink druiwesap en onthou Jesus, veral die opoffering wat hy vir ons gemaak het. Doen dit om my te onthou.
- Na ete het Jesus begin om almal se voete te was. Die dissipels was verward en nog meer deurmekaar. Jesus was dan die leier. En om voete te was, was die werk van die dienskneg of werker. Jesus het vir hulle gesê dat hul almal diensknegte moet word vir mekaar en vir die mense van die wêreld. Bak water en handdoek vir voete was
- Kinders moet 4 nuwe prentjies gekry het. 12 in totaal.

Stasie 4: Die tuin van Getsemane

- Na die laaste ete saam met Sy dissipels, het Jesus geweet slegte dinge gaan gebeur. Daarom het hy 'n plek nodig gehad om te dink en te bid. Hy het 'n tuin nie ver van daar gekies. Die tuin se naam was Getsemane.
- Die dissipels het vir Hom gewag terwyl hy gaan bid het. Jesus was bang en het daarom sy dissipels gevra om wag te hou. Maar hulle kon nie wakker bly nie. Hulle was te slaperig en het geen idee gehad van wat op pad was om te gebeur nie. Jesus bid. Dissipels slaap.
- Judas, een van die dissipels, het geld van die GROOTKOPPE in die tempel gekry, om die wagte te help om Jesus te arresteer. Judas het 'n groep wagte na Jesus in die tuin gelei. Daar het Judas Jesus op die wang gesoen sodat die wagte weet wie om te arresteer. Jesus verraai met 'n soen vir geld.
- Een van die dissipels het 'n swaard uitgehaal en die oor van een van die soldate afgekap om so te probeer om Jesus te bekerm. Jesus het vir die dissipels gesê om die swaard weg te sit. Hy wou op 'n vreedsame manier gearresteer word. Swaard.
- Kinders moet nou 4 nuwe prentjies en 16 in totaal hê.

Stasie 5: Drie verhore van Jesus

- Daardie dag is Jesus na 3 verskillende plekke geneem om verhoor te word. [3 Verhore van Jesus](#). Hy is eerste na die [Sanhedrin](#) geneem. Dit was 'n Joodse hof wat bestaan het uit priesters en skrifkenners van die tempel - van hulle was die wat vir Judas geld gegee het om Jesus te verrai. Hierdie vennoot-mense het nie gehou van die manier waarop Jesus hulle gekritiseer het deur te sê dat hulle GROOTKOPPE wil wees nie. Hulle het hom aangekla daarvan dat hy die tempel wou vernietig en omdat Hy gesê het dat Hy die Messias is.
- Twee van hierdie mans, Nikodemus en Josef van Arimatea, het stilweg vir Jesus ondersteun, maar was nie braaf genoeg om hom hardop te ondersteun nie Dit het Jesus baie hartseer gemaak.
- Terwyl die Sanhedrin bymekaar gekom het, is Petrus, een van Jesus se dissipels, 3 keer gevra of hy een van Jesus se dissipels was. Elke keer het Petrus gesê dat hy nie vir Jesus ken nie. Toe hy die derde keer sê dat hy nie vir Jesus ken nie, het daar 'n haan gekraai. Petrus het Jesus se woorde, vroeër by die ete onthou. Jesus het gesê dat Petrus Hom 3 keer sou verloën (maak asof hy Hom nie ken nie). Jesus was reg en Petrus het baie skuldig gevoel. [Petrus verloën Jesus 3 keer en toe kraai die haan](#).
- Die Joodse Raad wou die ondersteuning van die Romeine hê so toe stuur hulle Jesus na die Romeinse goewerneur, Pontius Pilatus. Hulle het vir Pilatus gesê dat Jesus moeilikheid wil maak teenoor die Romeine sodat Hy Koning van die Jode kon word, Dit was alles leuens. Die GROOTKOPPE wou hê dat Jesus aan 'n kruis moes sterf, en net die Romeine kon dit laat gebeur. Toe Pilatus egter agterkom dat Jesus van Galilea af is, het hy Jesus na die heerser van daardie area gestuur wat toevallig in Jerusalem was vir die Pasga fees.
- Sy naam was Herodes Antipas. Dit was die seun van Herodes wat koning was toe Jesus gebore is. Hy wou ook nie 'n besluit oor Jesus maak nie, so toe stuur hy hom terug na Pilatus toe.
- Pilatus het toe vir Jesus veroordeel. Romeinse wet het egter toegelaat dat die skare een persoon kon kies om te vergewe. Pilatus was egter verras dat hulle nie vir Jesus gekies het nie. In plaas daarvan dat hulle hom vrygemaak het, het hulle geskree: "[Kruisig hom!](#)" Pilatus het toe vir Jesus gevonnies om gekruisig te word. Hy sou aan 'n kruis vasgespyker word en daar hang. Dit was die seerste en skandelikste manier om gestraf te word volgens die Romeine.
- Jesus is gesteek, gegesel (geslaan) en 'n kroon van dorings is op sy kop gesit. [Doringkroon](#).
- Daarna moes Jesus en die ander twee mans wat gekruisig sou word hulle kruise deur die strate van Jerusalem dra met baie mense wat op hulle skree.
- Kinders moet 4 nuwe prentjies en 20 in totaal hê

Stasie 6: Golgota

- **Golgota** is 'n heuwel wat uitkyk oor Jerusalem. Dit was 'n algemene plek vir mense om gekruisig te word omdat baie mense dit sou sien, en dit as waarskuwing sou dien om nie teen die Romeine te **rebelleer** (baklei) nie.
- Om Jesus te spot, het hulle 'n bordjie bo sy kop vasgesit waarop gestaan het, "**Koning van die Jode**"
- **Jesus het tussen twee misdadigers gehang**. Een van die misdadigers het gesê dat Hy in Jesus glo en Jesus het gesê dat daardie man nog daardie selfde dag saam met Hom in die **Paradys** (Hemel) sou wees.
- Die meeste van Jesus se manlike dissipels het nie gekom om te kyk hoe hy doodgaan nie, omdat hulle bang was. Slegs Johannes en van die vroue was daar. Van hierdie vroue was 'n paar Maria's (Jesus se ma; Jakobus en Johannes se ma, die vrou van Klopas en Maria Magdalena), Salome en Jesus se tannie. Hierdie mense was geskok om Jesus so te sien doodgaan. **Die vroue en Johannes by die kruis**.
- Na 'n hele paar uur het Jesus gesterf, maar voor hy gesterf het, het die soldate gehoor hoe Jesus sê: "**Vader vergewe hulle want hul weet nie wat hulle doen nie**" Dit was ongelooflike liefde en vergifnis.
- Jesus se vergifnis is deur een van die soldate by die voet van die kruis gehoor en as gevolg van wat hy gehoor het, het hy geglo dat Jesus werklik die Messias is. '**N Romeinse soldaat hoor Jesus en glo**.
- Kinders moet nou 6 prentjies en 26 in totaal hê.

Stasie 7: Jesus se graf

- Na Jesus gesterf het, het Josef van Arimatea en Nikodemus die soldate oorreed om Jesus se liggaam vir hulle te gee sodat hulle hom kan begrawe.
- Hulle het sy liggaam van die kruis afgehaal en na 'n graf geneem wat aan Josef behoort het. **Jesus se graf**.
- Die 2 mans het speserye en olie geneem en Jesus se liggaam gesmeer voor hul hom in lappe toegedraai het. Daar was nog rituele wat hul moes doen voordat hul die liggaam ordentlik kon begrawe, maar hulle moes vinnig huis toe gaan voor die Sabbat, waarop hulle nie mag gewerk het nie, aangebreek het. **Speserye, olies, lappe**.
- Romeinse soldate het 'n groot klip voor Jesus se graf gerol sodat niemand kon ingaan en Jesus se liggaam skuif nie. **Klip voor die graf se ingang**.
- Wagte moes die graf oppas. Die dissipels is huis toe en het baie hopeloos gevoel. 'n Wag by die graf.
- Kinders moet 4 nuwe prentjies hê en 30 in totaal

GENOEG & GENADE

Ontmoeting 3: Jesus is Heer nie die Keiser nie



VIR DIE LEIER

KERNGEDAGTE: Baie mense van die vroeë Christendom tot die hede het hul lewens verloor omdat hulle verkies het om Jesus as Here te vereer en nie die Keiser nie.

GENOEG EN GENADE BOEKVERWYSING: Genoeg en Genade: 'n Bondige geskiedenis van God se voortgaande belofte om die hele skepping te herstel, bl. 66

SKRIF: Handeling 7: 55-60 (Stefanus) Die meeste van hierdie verhale is gebaseer op internetnavorsing rakende Christen-martelaars.

VIDEO: <https://www.youtube.com/watch?v=XzWpa0gcPyo>

BENODIGHEDE:

- Wasgoedlyn/ wasgoedpennetjies
- Prentjie vir die wasgoedlyn (sien aangeheg)
- Herinnering op 'n plakkaat (vir verhaal)
- Tema-bladsy vertoon op 'n kledingstuk of muur (vir verhaal)
- Bybel om na te verwys (vir verhaal)
- Groot gedrukte weergawes van belangrike woorde / frases (vir verhaal - opsioneel)
- Kostuum vir die onderwyser (opsioneel, maar word aanbeveel)
- Aanwysing vir die gevangenisgebied/tronk
- Indekskaart met name en letterkodes agterin gegroeppeer volgens geslag (sien dokument aangeheg)
- Ondervragingsvrae en antwoorde vir die onderwyser (sien dokument aangeheg)
- 'n Lys met kodebepalings vir die onderwyser (sien dokument aangeheg)
- Huisgeloof kommunikasie met ouers (Canva)

HULPBRONNE:

- Besoek hierdie webtuiste vir stories van moderne martelaars:
<https://www.persecution.com/whoweserve/>
- Kontak gerus vir Natasja van Geopende Deure (Opened Doors). Hierdie organisasie werk ook spesifiek met die vervolgte kerk. Nooi haar vroegtydig om hierdie Sondag (of die Sondag na hierdie ontmoeting) met die kinders by die kerk te kom gesels. Haar kontakbesonderhede: 082 838 1285 of natasjab@od.org
- Videos (reeds afgelaai in 'folder')

ONTMOETING

AANKOMSRITUELE:

- Verwelkoming
- Rek/Strek/Speletjie
- Liedjies
- Verjaarsdae
- Offergawes
- Gebed vir die offergawes

Sien dokument met belangrike inligting en wenke.

Wasgoedlyn:

Hierdie week gaan ons fokus om die titel van die reeks “**Jesus is Here, nie die Keiser nie**” as prentjie op te hang/ op te plak en ook te verduidelik. Sien prentjie aangeheg. Hierdie prentjie verteenwoordig baie Christene wat vasgestaan het in hul geloof, ten spyte van **GROOTKOPPE** wat hulle wou dwing om anders te glo. Vra die kinders om te help om hierdie prent op te hang/ op te plak. Verwys terug na hierdie prent tydens die storievertelling.

Se saam die herinneringsrympie op: (vra dalk een of twee kinders om voor te vat hiermee, terwyl die res dit saam doen)

(Almal sê saam)

God het ons lief (**hande oor hart**)

En gee vir ons genoeg (**arms uit**)

God maak ons heel met genade (**druk jouself**)

Maak nie saak **WAT** ons doen nie (**kop heen en weer**)

STORIEVERTELLING:

Hersien die vorige week se tema, veral dat die vroeë Christene op 'n ander manier, selfs ook vreemd voorgekom het, en verskil het van die meeste mense in die Romeinse Ryk. Stel die tema van vandag bekend: Jesus is Here, nie die Keiser nie.

Dit is belangrik om 'n storie te vertel van 'n moderne Christelike martelaarskap (sien storie hieronder). Verduidelik die woorde **martelaar** (een wat doodgemaak word as gevolg van wat hulle glo) en **martelaarskap** (die daad om te sterf vir wat jy in glo). Beklemtoon dat daar steeds Christelike martelaars in die wêreld is. Kinders ook.

'N MODERNE STORIE VAN 'N MARTELAAR:

Poonam is 'n vrou wat woon in Indië. Toe Poonam in 2012 stilweg Hindoeïsme verlaat het, het die Bybel wat sy verwerf het onmiddellik haar kosbaarste besitting geword. Die jong Indiese vrou en ma van drie, lees elke dag in die geheim God se Woord in haar huis en groei in haar begrip van God se liefde vir haar. Maar sy het gevrees dat haar man haar nuwe geloof sou ontdek, en dit het hy gou gedoen.

Nadat hy haar eendag gehoor bid het, vind hy haar Bybel en skeur dit op in stukke. 'Van vandag af hou jy op om die Bybel te lees, en solank as wat jy in hierdie huis woon, mag jy nie bid nie!'

Poonam se man het haar toe geslaan en haar uiteindelik uit die huis geskop en geweier om haar jong seuns en dogter te laat sien. Haar Christelike geloof het haar alles gekos.

In Indië, is 'n Bybel 'n kosbare besitting, aangesien dit nie toegelaat word in die land nie, omdat dit die land se grootste geloof, Hindoeïsme bedreig.

Nadat sy haar Bybel en haar gesin verloor het, het Poonam by familieledede gebly en gebid vir die terugkeer van alles wat sy verloor het. 'n Pastoor en 'n ander gelowige wat naby haar familieledede gewoon het, het Poonam gereeld besoek om saam met haar te bid. Tot haar groot vreugde het hulle haar eendag 'n nuwe Bybel gegee. Poonam het in trane uitgebars toe sy die Bybel ontvang het.

God het mettertyd die gebede van Poonam beantwoord en haar huwelik en gesin herstel. Alhoewel haar man nie sy geloof in Christus geplaas het nie, het sy hart sag geword teenoor Poonam en die Christelike geloof. Hy het selfs 'n paar keer kerk toe gegaan om te sien hoe Christene aanbid.

Poonam is een van duisende mense wat op 'n daaglikse basis gemartel word as gevolg van hulle geloof. Dit gebeur vandag nog en is nie net iets wat in die verlede gebeur het nie. Maniere wat die persone gemartel is word verskil - en kan selfs lei tot die dood.

MEERKAT VINGERPOPPE:

Die merkat vingerpoppe kan tydens hierdie storievertelling klomp vrae vra, wat die kinders of leiers kan help beantwoord. Die doel is dat hulle die vrae vra wat die kinders heel moontlik ook gaan hê. Gebruik dalk weer fizzers om vir die kinders te gee wat reg antwoord of wat die meerkatte regehelp. Byvoorbeeld:

- Waar is Indië?
- Wat is Hindoeïsme?
- Wat beteken martelaars?
- Watter ander maniere kan mense gemartel word?
- Word daar mense vandag nog gemartel omdat hulle Christene is?
- Die vingerpoppe kan 'n klein rollespel doen om uit te beeld wat tydens 'n moontlike scenario sou gebeur, waar iemand gemartel word tov hul geloof

DOEN SAAM:

ERVARING/AKTIWITEIT

Speel-speel Romeinse ondervragings

Oorweeg dit dat die onderwysers/leiers kostuums (trek aan soos 'n Romeinse soldaat) moet dra, maar laat hulle die kostuum aantrek nadat hulle aan die kinders verduidelik het wat gaan gebeur en reg voordat hulle hulle gaan ondervra. Dit sal die emosionele aspekte van die ondervraging verminder.

Kameropstelling:

Op 'n tafel naby die deur staan 2 stelle indekskaarte wat volgens geslag georganiseer is (sien dokument aangeheg). Rye stoele sal in die middel van die kamer wees. Een stoel sal na die rye wees. Elders in die kamer is daar 'n afgeslote area. Hierdie gebied sal 'gevangenis' genoem word.

Roelspel Verduideliking:

Wanneer die kinders die kamer binnekom, wys hulle die indekskaarte met die name daarop sê dan die volgende:

- Dit is name van werklike Christelike martelare, mans aan die een kant, vrouens aan die ander kant. Sommige is uit die vroeë Christelike tyd en ander uit die moderne tyd.
- 'n Martelaar is iemand wat doodgemaak word vir wat hulle glo.
- 'n Christelike martelaar word doodgemaak omdat hulle glo dat Jesus die Here is.
- Soms word mense om ander redes soos politieke redes (bv. president Abraham Lincoln) gemartel.
- Vandag ervaar jy 'n bietjie hoe dit was om 'n Christen-martelaar te wees (dit is net speel-speel, so jy hoef nie regtig bang te wees nie)
- As elkeen van julle 'n naam optel, begin jy voorgee dat jy hierdie persoon is. (Vra wie hulp nodig het om die naam op hul kaart uit te spreek/te lees)
- Ek sal elkeen van julle vorentoe roep om op die stoel te kom sit en ondervra te word. Dit beteken dat ek jou 'n paar vrae sal vrae.
- Aangesien julle almal Christene is, sal jy altyd die vraag beantwoord: 'Wie is Here, die keiser of Jesus?' Deur te sê 'Jesus is Here', al beteken dit dat jy in die gevangenis/tronk gesit word. (Oefen om die vraag saam met die hele groep te vra en te beantwoord.)

Roelspel:

Trek die kostuum aan en gebruik 'n stem wat verskil van jou gewone stem. Beskuldig al die kinders dat hulle Christene is. Sê vir hulle dat hulle groot probleme het en dat hulle vrae moet beantwoord. Laat die eerste kind op die stoel kom deur 'n vrywilliger te vra of die oudste kind te kies.

- Vra vir hul naam.
- Sê: hoe jy die vrae beantwoord, kan bepaal of jy gaan leef of sterf.
- Begin om die vrae te vra (sien hieronder). Vrae is baie maklik. As 'n kind 'n vraag mis, kan jy 'n makliker vraag daarmee saamstel. Die tiende vraag is altyd "Wie is Here die keiser of Jesus?" Daar is 12 stelle vrae om herhaling te voorkom. As die kind 'die keiser' antwoord, moet hy hulle daaraan herinner dat hulle voorgee dat hulle 'n Christelike martelaar is wat sou antwoord: 'Jesus is die Here' en vra dan weer die vraag. (Jy hoef nie al 12 vrae vir een kind te vra nie, deel dit op soos wat jy goed dink)

- Sodra die vraag “Jesus is Heer” beantwoord is, moet hulle hulle na die gevangenisgebied/tronk begelei. Sê: 'Aangesien jy sê: 'Jesus is die Here ', is jy 'n Christen, is jy in groot moeilikheid. In die Romeinse Ryk is almal veronderstel om die keiser Here te noem. ”

Rolverwerking:

Maak seker dat jy vooraf die kinders verseker dat hierdie net speel-speel is, en nie regtig is nie.

Sodra al die kinders in die gevangenis/tronk is, haal hulle uit, laat hulle weer op die stoele sit en vertel wat met baie van die vroeë Christene in die Romeinse Ryk gebeur het:

- Hulle is skuldig bevind aan verraad ('n misdaad teen Rome).
- Hulle is ter dood veroordeel.
- Van die martelare is onthoof, gekruisig soos Jesus, gestenig, lewendig verbrand en selfs deur wilde diere doodgemaak. Sommige is dood in die gevangenis.
- Baie mense het die sterftes van martelare dikwels gesien om toeskouers te waarsku dat hulle nie Christene hoef te wees nie.
- Baie van die martelare het baie dapper gesterf. Stories van hul dood is oor en oor vertel. Die Rooms-Katolieke Kerk het hulle later as heiliges verklaar.
- Soms was hulle verhale oordrewe, maar wat belangrik is, is hul opoffering om in Jesus as hul Here te glo.

Laat die kinders op hul naamkaart kyk. Daar sal 'n kode wees wat aandui hoe die martelaar doodgemaak is. Die betekenis van die kodes word gelys (sien dokument aangeheg). Lees dit vir die kinders, sodat hulle sal weet hoe hul martelaar gesterf het.

Emosionele oorwegings:

Met so 'n sensitiewe onderwerp sal dit belangrik wees om 'n balans te vind tussen die voorgee van vrees by die kinders, terwyl hulle die erns van die onderwerp laat verstaan sonder om hulle te bang te maak. Die doel daarvan om name te gee en hulle later uit die gevangenis te skuif, is om die regte kind van die situasie te distansieer. As die kinders lastig lyk, herinner hulle daaraan dat hulle voorgee dat hulle iemand anders is. Wees opreg op jou manier van doen, nie kwaad of beskuldigend nie. As 'n kind ontsteld lyk, herinner hulle daaraan dat hulle voorgee en sarkasties is oor die probleme van die vroeë.

Afsluiting: (Aanbidingsgebied)

Praat oor die emosies van die Christelike martelare, veral hul vrees, dapperheid, pyn, eensaamheid, ens. Herinner hulle daaraan dat daar vandag Christelike martelare is.

Diegene van ons uit lande waar ons vryheid van godsdiens het, vergeet dit maklik omdat ons vry is om te aanbid, maar ons wil. Baie mense in vandag se wêreld moet hul geloof in Jesus geheim hou, anders kan hulle gearresteer word of selfs doodgemaak word.

Eindig met 'n gebed en dank die Here vir die vryheid dat ons Jesus as ons Here kan aanbid.

GENOEG & GENADE

Ontmoeting 4: Ons Vader Gebed



VIR DIE LEIER

KERNGEDAGTE: Jesus was 'n onderwyser. Toe Hy gevra is hoe ons moet bid, het hy 'n pragtige gebed vir sy dissipels geleer wat vandag nog 'n geskenk aan die kerk is. Ons sê hierdie gebed op verskillende plekke op - ook in ons eredienste (kerkdienste).

GENOEG EN GENADE BOEKVERWYSING: Hoofstuk 11; bl. 50

SKRIF: Matteus 6:9-13; Lukas 11:1-4

NOTA: *Moeilike, maar kern woorde is gekleur en mag verdere verduideliking nodig hê. Onderstreepte woorde/frase is kern tot die konneksies tussen lesse. Groot gedrukte weergawes van woorde kan gebruik word om na die storie te verwys en kan vir latere terugverwysing gebruik word.*

Nota: Sonde word gedefinieer as "mense wat probeer om GROOTKOPPE te word.

BENODIGHEDE:

- Plakkaat of powerpoint met Onse Vader gebed en toegeplakte woorde
- Tema-prent vir wasgoedlyn
- Bybel (om na die storie te verwys)
- Strokies met individuele sinne (tradisioneel en modern)
- OF: inkleurprente vir jonger kinders
- Uitdeeltuk van die Onse Vader gebed (kan in boekmerk-vorm wees)
- Huis-geloof uitdeeltuk

HULPBRONNE:

- Inkleur prentjies vir kleuters
- Frases van moderne en oorspronklike gebed

Let Wel: Daar is addisionele of alternatiewe aktiwiteite beskikbaar. Jy kan kies of jy hierdie les daarmee wil vervang en of jy dalk 2 of 3 lesse oor die Onse Vader wil doen.

ONTMOETING

AANKOMSRITUELE:

Verwelkoming: Vertel die persoon langs jou, wat die lekkerste ding is wat die week met jou gebeur het (of waarvoor jy dankbaar is)

Ons deel want ons het genoeg (dankoffers en insameling indien jul besig is met 'n projek):

Sê en doen saam die herinneringsrympie:

God het ons lief (hande oor hart)

En gee vir ons genoeg (arms uit)

Herstel ons met genade (druk jousef)

Maak nie saak WAT nie (kop heen en weer)

Tema-prent op wasgoedlyn

STORIEVERTELLING:

Hersien laas week se les, veral dat Jesus 'n onderwyser was wat deur sy daade (evangelie verhale) en gelykenisse (stories) geleer het. Tel 'n Bybel op en sê dat vandag se storie in 2 Nuwe Testament boeke gevind word: Matteus en Lukas. Verwys na die tema prentjie en stel vandag se tema bekend: **Die Onse Vader**.

Jesus was 'n **Rabbi** (dit is 'n Joodse onderwyser). Sy **dissipels** (mense wat volg deur te doen wat hul onderwyser of leermeester vir hulle sê om te doen) het besef dat Hy 'n verhouding met God gehad het anders as enige iemand voor Hom. Dit het gelyk asof Hy presies geweet het hoe om met God te praat en hoe om na God te luister. Beide hierdie (praat en luister) is gebed. So sy dissipels (mans en vroue) het hom vrae gevra om te leer hoe om nader aan God te kom.

Een belangrike vraag wat hulle gevra het was hoe hulle moes bid. Die gebed wat Hy hulle geleer het was 'n pragtige geskenk aan die dissipels, die Christen kerk, en aan almal van ons. Hierdie gebed word vandag steeds in baie kerk-byeenkomste reg oor die wêreld gebruik. Wanneer ons dit almal saam bid, noem ons dit **gesamentlike gebed**. Maar ons kan ook kies om dit as ons eie, daaglikse **persoonlike gebed** te bid.

Kom ons kyk hoe goed ons dit ken:

Plaas die gebed op 'n groot plakkaat (of op powerpoint). Bedek (of laat uit) die onderstreepte woorde. Lees die gebed saam en wys die bedekte woord soos wat die groep dit saam sê. Gekleurde woorde kan later verduidelik word wanneer die moderne weergawes gebruik word.

Ons Vader

Wat in die **hemel** is,
laat u **Naam geheilig** word
laat u **koninkryk** kom.
laat u **wil ook** op die **aarde** geskied
net soos in die hemel.
Gee ons **vandag** ons daaglikse **brood**,
En **vergeef** ons ons **oortredings**,
soos ons ook dié vergewe wat teen ons **oortree**
en **laat** ons nie in die **versoeking** kom nie,
maar verlos ons van die **bose**.
Aan **U** behoort die koninkryk,
En die **krag**,
En die **heerlikheid**
Tot in ewigheid.
Amen.

Help hulle om weer die gebed te lees en te soek vir die reels oor:

God se manna (gee ons vandag ons daaglikse brood)

Geregtigheid / om die regte ding te doen (Laat U wil geskied)

En **genade** (vergeef ons ons oortredings soos ons die vergewe wat teen ons oortree)

Verduidelik beide tipes genades: God se genade vir ons en ons genade vir ander en dat beide van God af kom)

DOEN SAAM:

MEDITATIEWE GEBED

Vra die kinders om gemaklik te sit en hulle oë toe te maak. Dit mag dalk 'n hele tydjie neem

voordat almal lekker rustig is. Jy as leier sê nou die volgende woorde hardop terwyl die kinders in stilte op hul eie hieroor dink. Gee genoeg kans tussen-in vir die kinders om werklik met God te kan gesels en Sy teenwoordigheid te kan voel.

- Vra nou dat almal hul oë sal toemaak
- Haal lekker diep asem en asem weer lekker uit (herhaal tot almal rustig/stil is)
- Luister na al die klanke wat jy hoor
- Lê nou in stilte en luister bietjie
- Raak bewus van die gedagtes wat nou in jou kop rond dwaal
- Waaraan dink jy?

- Vertel dit vir die Here, asof jy dit vir 'n maatjie vertel
- Hy weet klaar waaraan jy dink, maar dis vir Hom so lekker om dit van jou te hoor
- Gee oomblik vir stilte
- Haal weer lekker diep asem (herhaal so x3 keer)
- Staar stadig en rustig weer op

ERVARING/AKTIWITEIT

Gebruik die frases om die kinders te help om die gebed beter te verstaan EN te memoriseer. Plaas die moderne en tradisionele frases (deurmekaar) op die vloer/tafel. Daar is 16 moderne en 16 tradisionele frases wat bymekaar pas (sien hieronder).

Laat hulle 2/2 frases uitsoek wat by mekaar pas. Wanneer hulle dit gekry het, kyk of die groep saamstem en plaas dit langs mekaar op die vloer/tafel/bord. (Vir 'n jonger groep kan jul dalk eerder net een stel meng en dit probeer pas by die ander stel.)

Wanneer al die pare bymekaar is, laat hulle dit in volgorde plaas (lees dit uit) en laat hulle die tradisionele weergawe saam hardop lees.

Herhaal weer die proses (twv memorisering). Gooi alles in die lug of meng dit net weer. Gee dalk vir een of twee (of kleiner groepies) kans om te kyk of hulle die hele gebed self kan uitpak.

Modern

Ons God
Wat oral is
laat mense u respekteer
laat die wêreld wees soos u bedoel het
En laat ons doen wat u wil hê
Hier waar ons lewe en oral
Gee ons vandag genoeg
En wees genade wanneer ons foute maak
Help ons om genade vir ander te hê

Help ons om reg te lewe
en beskerm ons van dit wat sleg en seer is
Die wêreld behoort aan u
u is magtig
U moet geprys word
vir altyd
Laat dit so wees.

Tradisioneel

Ons Vader
Wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word
laat u koninkryk kom.
laat u wil op die aarde geskied
net soos in die hemel.
Gee ons vandag ons daaglikse brood,
En vergeef ons ons oortredings,
soos ons ook dié vergewe wat teen ons
oortree
en laat ons nie in die versoeking kom nie,
maar verlos ons van die bose.
Aan U behoort die koninkryk,
En die krag,
En die heerlikheid
Tot in ewigheid.
Amen.

GENOEG & GENADE

Ontmoeting 5: Paasfees & Opstanding



VIR DIE LEIER

KERNGEDAGTE: Jesus se kruisiging het nie by sy dood geëindig nie. Nee, drie dae later was hy lewendig en het met Maria Magdalena gepraat. Hy het vir haar gesê om die goeie nuus van sy opstanding te versprei.

GENOEG EN GENADE BOEKVERWYSING: BI 58

VIDEO: <https://www.youtube.com/watch?v=Q4z8j3swfYI>

SKRIF: Johannes 20:1-18

Nota: Moeilike maar belangrike woorde word ingekleur en mag dalk herhaaldelik verduidelik moet word. Onderstreepte woorde/frases is noodsaaklik vir die verbande tussen ontmoetings.

BENODIGHEDE:

- Tema-prent vir die wasgoedlyn
- Bybel om na die storie te verwys
- Kostuum vir Maria Magdalena (opsioneel vir die storie)
- Vir kleuters: 2 storieboeke (met en sonder prentjies)
- Vir kleuters: verf (vir skoelapper), paaseiers, blomme inkleurprent en tydskrifte
- Junior laerskool: emoticon uitdruk-stukke
- Raaisels gedruk op uitdeel stukke (om huis toe te stuur)
- Huis-geloof

HULPBRONNE:

- Blom inkleur bladsy
- Raaisels
- Emoticon uitdruk-stukke

ONTMOETING

AANKOMSRITUELE:

Skoene uittrek, Verwelkoming, Kers aansteek & Doopherinnering, Verjaarsdae, Offergawes, Ons Deel Boks, Herinnerings Rympie, Kerkjaar

Wasgoedlyn / Bybeltydlyn

Hersien...

STORIEVERTELLING:

Verwys vinnig na die afgelope 2 weke se ontmoetings oor heilige week. Fokus veral op die einde van Heilige Week waar Jesus se liggaam in die graf was met die wag by die ingang.

Tel 'n Bybel op en verduidelik dat vandag se storie uit al 4 evangelies kom, maar dat ons gaan fokus op die manier hoe Johannes die storie vertel het.

Die storie van Paasfees handel oor Maria Magdalena se ontmoeting met Jesus. Dit sal dus goed wees as 'n vrou die storie kan vertel. Kostuum sal ook 'n goeie hulpmiddel wees. Probeer om soveel as moontlik van hierdie punte te dek. Wees passievol en entoesiasies oor die goeie nuus van Jesus se opstanding.

- Onthou julle dat Josef van Arimatea en Nikodemus nie die begrafnis-rituele kon klaarmaak toe hulle Jesus in die graf gaan sit het nie?
- Maria Magdalena het toe op Sondag teruggegaan na die graf sodat sy hierdie rituele kon klaarmaak. Dit was 3 dae na Jesus se kruisiging en nog donker die oggend. Sy het 2 vroue saam met haar geneem.
- Op pad soontoe was sy nog baie hartseer omdat dit gevoel het asof sy vir Jesus, haar leermeester en Here, verloor het. Dit was ook hy wat haar van 'n vreeslike siekte genees het.
- Toe sy by die graf kom was sy verras en ook bang om te sien dat die klip voor die graf weggerol was en dat Jesus se liggaam nie meer in die graf was nie.
- Sy het teruggehardloop na waar die ander dissipels was om vir hulle te vertel wat sy gesien het.
- Petrus en Johannes het dadelik na die graf gehardloop om self te kyk.
- In die graf het hulle gesien dat die lappe wat Jesus se liggaam bedek het, netjies opgevou was
- Hulle het ook teruggehardloop na die ander dissipels om te vertel wat hulle gesien het.
- Maria Magdalena het by die graf bly sit en huil omdat sy so kwaad, en hartseer en verward was.
- Toe sy in die graf kyk, het sy 2 engele daar sien sit.
- Hulle vra haar toe hoekom sy huil.
- Sy verduidelik aan hulle dat iemand haar Here Jesus weggeneem het en dat sy nie weet waar Hy nou is nie
- Toe sy omdraai, sien sy 'n man buite staan. Sy het gedog dit is die tuinier. Maar die man was Jesus, sy het Hom net nie erken nie.

- Jesus het haar gevra hoekom sy huil en vir wie sy soek
- Sy het hom gevra om asseblief vir haar te sê waar die liggaam van haar Here is.
- Toe sê Jesus haar naam: Maria. En dit het die groot verandering gebring in wat sy kon raaksien.
- Sy het Hom dadelik erken en gesê: “Rabbi” / “Leermeester”
- Jesus het vir haar gesê om nie by Hom te bly nie, maar om dadelik vir die ander dissipels te gaan sê dat Hy op pad was na God toe.
- Sy het vinnig gegaan en die goeie nuus aan die dissipels oorgedra. Sy het vir hulle gesê: Ek het die Here gesien!
- Sy was die eerste een wat die **evangelie** vertel het. (Dit beteken dat sy die eerste een was wat die goeie nuus van Jesus se **opstanding** [om te lewe nadat jy dood was] kon vertel.)

DOEN SAAM:

MEDITATIEWE GEBED

Vra die kinders om ‘n plekkie te kry waar hulle gemaklik op hul rug kan lê en hulle oë toe te maak. Dit mag dalk ‘n hele tydjie neem voordat almal lekker rustig is. Jy as leier sê nou die volgende woorde hardop terwyl die kinders in stilte op hul eie hieroor dink. Gee genoeg kans tussen-in vir die kinders om werklik met God te kan gesels en Sy teenwoordigheid te kan voel.

- Vra nou dat almal hul oë sal toemaak
- Haal lekker diep asem en asem weer lekker uit (herhaal tot almal rustig/stil is)
- Luister na al die klanke wat jy hoor
- Lê nou in stilte en dink bietjie aan ‘n tyd in jou lewe wat jy baie opgewonde was
- Wat het gebeur?
- Wie was die eerste persoon vir wie jy van hierdie ding vertel het waaroor jy so opgewonde was?
- Verbeel jou nou dat God langs jou gestaan het toe jy so opgewonde was en saam met jou op en af spring van blydschap.
- Hoe laat die prentjie jou voel?
- Sê vir God dankie dat Hy saam met jou bly is wanneer jy bly of opgewonde is oor iets.
- Gee oomblik vir stilte
- Haal weer lekker diep asem (herhaal so x3 keer)
- Staan stadig en rustig weer op

ERVARING/AKTIWITEIT

Die fassiliteerder gee ‘n inleiding oor **simbole** en hoe simbole ons help om seker konsepte en idees in Christenskap beter te verstaan of te onthou. Dit help veral vir mense wat nie kan lees nie en aangesien baie mense in die Bybel nie kon lees nie, was simbole (of prentjies) vir hulle baie belangrik om stories te verstaan en te onthou.

Nota: alhoewel die konsep van simbole dalk vir ons abstrak klink en moeilik om veral met klein kindertjies te kommunikeer is dit veral belangrik om juis met hulle oor die idee te praat - veral die wat nog nie kan lees nie. Prente en beelde (wat eintlik maar simbole is) is hoe hulle sin maak van die wêreld om hulle.

Junior Laerskool

Verduidelik simbole aan die kinders soos volg: Wie van julle kan al lees? Het julle geweet dat meeste mense in die Bybel se tyd nie kon lees nie, al was hul al grootmense gewees? Daarom het hulle baie keer prentjies gebruik om hulle te help om stories te onthou. Hierdie prentjies het hulle **simbole** genoem. Kom ons kyk of ons ook prentjies kan gebruik om te "lees"?

Wys vir hulle die prent met die emoticon keyboard. Vra 'n paar moet sê wat van die prentjies beteken. Jy kan vir elkeen 'n prent druk of dit net omstuur in die groep indien dit 'n groot groep is.

Op dieselfde manier wat ons op Whatsapp prentjies kan gebruik om iets te sê, so is daar ook prentjies wat ons help om te verstaan en te onthou wat Jesus se opstanding beteken. Ons kan amper sê hierdie simbole is soos emoticons vir die Bybel.

Kom ons kyk of ons kan ontsyfer wat 'n paar van hierdie prentjies/simbole is:

Kies 'n paar van die raaisels hieronder, wat nie te moeilik vir jou klas se ouderdomsgroep sal wees nie. Jy kan die betekenis self verduidelik nadat hul die raaisel reggekry het.

Senior Laerskool

Verduidelik simbole aan die kinders soos volg: Omdat baie mense in die tyd van die Bybel nie kon lees nie, moes hulle prentjies gebruik om hulle te help om stories te onthou. Amper soos wat ons die prentjies van die heilige week gebruik het om ons te help onthou wat gebeur het.

Simbole kan verskillend lyk en werk (hierdie deel van die verduideliking is opsioneel):

Dit lyk soos die ding wat dit uitbeeld	'n Smiley = iemand wat glimlag
'n Tekening verteenwoordig iets werklik	hartjie = orgaan
Werklike goed wat iets heeltemal anders uitbeeld	“thumbs-up” met hand = ja
Tekens wat vir jou wys wat om te doen	Pyl op bord = dui rigting aan
Regte goed wat maatskappy verteenwoordig (logo)	Appel = Apple rekenaarmaatskappy
Kan rituele wees	Nagmaal help ons om te dink aan Jesus die nag voor Hy gearresteer is

Kom ons speel 'n raaisel-speletjie om ons te help om die simbole wat oor Jesus se opstanding gaan te leer ken.

Verduidelik die aanwysings: Ek gaan 'n raaisel begin lees. As jy dink jy ken die antwoord, kan jy jou hand opsteek. Ek hoef nog nie klaar te wees nie. Maar jy moet ook kan sê wat jy dink die prentjie verteenwoordig. Ek sal help as jy sukkel.

Lees die raaisels stadig. Kyk op na elke sin. As jy aan die einde van die raaisel kom en niemand het die antwoord, kan jy vra of hulle wil raai sonder om te verduidelik wat dit beteken. As die antwoord reg is, vra eenvoudige vrae wat hulle sal help om die konneksie tussen die simbool en betekenis te maak.

Hierdie les maak gebruik van baie abstrakte denke. Abstrakte terme moet sover moontlik in konkrete terme verduidelik word.

Teks vir raaisels en verduidelikings is in die lêer. Dit kan as uitdeeltuk huis toe gestuur word sodat hulle vir hul huismense ook vrae kan gaan vra.

GENOEG & GENADE

Ontmoeting 6: Vroeë Christene - Eienaardige Mense



VIR DIE LEIER

KERNGEDAGTE: Die Vroeë Christene en -Kerke het 'n manier van leef gehad wat TOTAAL anders was as dié van die Romeine.

GENOEG EN GENADE BOEKVERWYSING: Bladsy 64-65

SKRIF: Handeling 2:42-47; Handeling 6:8 - 7:60; 16:-34, Romeine 12:1-8, 14-21, 16:1-16 ; 1 Korintiërs 1:10-4:21, 6:9-10, 11:17-27; 12:1-31, 13: 1-13, 15: 1-58; Galasiërs 3:28, 5:13-14, 16-26; Efesiërs 1:23, 4:21-33; Filippense 4: 2-3; Kolossense 3:12-17; Jakobus 5: 13-15; 1 Petrus 2: 21-25, 3: 7, 9-12; 1 Timoteus 3:16

VIDEO: <https://www.youtube.com/watch?v=XtpY0WYmq28>

Nota: Moeilike maar belangrike woorde word ingekleur en mag dalk herhaaldelik verduidelik moet word. Onderstreepte woorde/frases is noodsaaklik vir die verbande tussen ontmoetings.

BENODIGHEDE:

- Gekleurde plastiek balle
- Papier en gom / label papier
- 2x houers/bokse per groep
- Papierborde (2x vir elke groep OF 1 vir elke kind)

HULPBRONNE:

Speletjie verduideliking, Woord-pare dokument

Video: <https://www.youtube.com/watch?v=rms6KePjIZ8>
https://youtu.be/c_yOXw6Ja6c

ONTMOETING

AANKOMSRITUELE:

Verwelkoming, Kers aansteek & Doopherinnering, Verjaarsdae, Offergawes, Ons Deel Boks, Kerkjaar, Herinnerings Rympie

Wasgoedlyn / Bybeltydlyn

Hersien die vorige week se ontmoeting: spesifiek dat nie-Jode (die woord in die Bybel vir mense wat nie Jode was nie is “heidene”) kon deel word van die Christen familie en God se vennoot-mense, sonder dat hul heeltemal soos die Jode hoef te word. Sê dat vandag se storie in die boek Handelingte afspeel (gebruik die Bybeltydlyn, vra vrae, deel iets oor wat Handelingte was ens).

STORIEVERTELLING:

Begin deur te praat oor die betekenis van die woord 'eienaardig' (vreemd, weird...). Ons dink baie keer dis 'n negatief, maar dis eintlik positief.

Opsie 1:

Vertel kortliks elk van die drie verhale hieronder. Beklemtoon die antwoorde van die Christene (ook genoem Mense van die Weg) deur 'n bal op te hou met 'n frase wat daaraan vasgeplak is (groen teks hieronder). Kontrasteer hierdie reaksie op wat destyds tipies was vir die Romeine (rooi teks). Hierdie balle word in die aktiwiteit gebruik. Maak dus seker dat die balle na die tyd weer by die groep is wat hulle benodig.

Tel die Bybel op en sê weer dat vandag se storie uit Handelingte kom (dalk wil jy selfs blaai na waar dit is)

Eerste Gemeente (Hand 2:42-47)

Deel lei tot genoeg

Myne lei tot lyding

Stefanus (Hand. 6: 8-7: 60)

Sonde lei tot genade

Sonde lei tot straf

Lidia (Hand. 16: 14-15)

Almal is familie in Christus

Jy is alleen

Paulus en Silas (Hand. 16: 16-34)

Wees lief vir jou vyande

Haat jou vyande

Opsie 2:

https://youtu.be/c_yOXw6Ja6c

Wys die video en gesels kortliks oor die verskil tussen die Vroeë Christene en die Romeine - veral dat die Christene ("Mense van die Weg") baie vreemd/eienaardig was in die oë van die Romeinse mense en ander nie-gelowiges in die samelewing. Bl.64-65 in die Genoeg en Genade boek sal jou help hiermee.

DOEN SAAM:

MEDITATIEWE GEBED

- Vra dat almal op hul rug sal lê sodat hul nie aan die persoon langs hulle raak en hul oë sal toemaak
- Haal lekker diep asem en asem weer lekker uit (herhaal tot almal rustig/stil is)
- Luister na al die klanke wat jy hoor
- Lê nou in stilte en luister bietjie, wat hoor jy alles
- Raak bewus van die gedagtes wat nou in jou kop rond dwaal
- Waaraan dink jy?
- Vertel dit vir die Here, asof jy dit vir 'n maatjie vertel
- God weet klaar waaraan jy dink, maar dis vir die Here so lekker om dit van jou te hoor
- Gee oomblik vir stilte
- Is daar iets wat jou bly maak het die week wat jy vir God wil vertel?
- Is daar iets wat jou hartseer maak het wat jy vir God wil vertel?
- Miskien wil jy vir God vra hoe jy in die week wat voorlê meer soos 'n vennoot van God kan leef?
- Haal weer lekker diep asem (herhaal so x3 keer)
- Kom stadig en rustig weer regop

GENOEG & GENADE

Ontmoeting 7: Dissipel-wees



VIR DIE LEIER

KERNGEDAGTE: Die Joodse Christene het vermag dat nie-Jode wat Christene geword het die Joodse lewenswyses sou aanneem, maar na Petrus se droom en met Paulus se aanmoediging het die Raad van Jerusalem die “vereistes” om 'n Christen te wees verander.

GENOEG EN GENADE BOEKVERWYSING: Bladsy 62-63

SKRIF: Handeling 10:1-48, 15:1-35; Romeine 3:21-26; Galasiërs 1:13-24, 3:28-29; Efesiërs 2:1-22

Nota: Moeilike maar belangrike woorde word ingekleur en mag dalk herhaaldelik verduidelik moet word. Onderstreepte woorde/frases is noodsaaklik vir die verbande tussen ontmoetings.

BENODIGHEDE:

Klei, Bybel, Props ens vir storie

HULPBRONNE:

Video: <https://www.youtube.com/watch?v=VEeAf5FunVw>

ONTMOETING

AANKOMSRITUELE:

Verwelkoming, Kers aansteek & Doopherinnering, Verjaarsdae, Offergawes, Ons Deel Boks, Kerkjaar, Herinnerings Rympie

Wasgoedlyn / Bybeltydlyn

Hersien die vorige week se se ontmoeting: spesifiek dat die sendelinge (eerste Christene) baie moeite gedoen het om vir almal te gaan vertel van die goeie nuus (evangelie). Sê dat vandag se storie in die boek Handeling afspeel (gebruik die Bybeltydlyn, vra vrae, deel iets oor wat Handeling was ens)

STORIEVERTELLING:

Agtergrond: (In die huidige tyd vir rolspel. Gebruik diskresie vir hoeveel agtergrond jy wil gee)

- Jesus se dissipels was almal God se vennootmense (Jode)
- Alhoewel hulle na Jesus se opstanding Christene geword het, was hulle steeds Jode in hulle manier van doen (na die Tempel gaan, die Sabbat hou, ens.)
- Jode het baie wette gehad wat hulle baie anders gemaak het as nie-Jode (in die Bybel verwys na as “heidene”), bv. Die Groot 10, maar hulle het ook baie meer wette gehad as die tien gebooië.
- Paulus, die sendeling waarvan ons verlede week gehoor het, het baie nie-Jode oortuig om Christene te word, maar hulle wou nie al die dinge doen wat Jode gedoen het nie. Soms was die Jode se lewenswyse baie ongemaklik en moeilik. Soms het dit baie vreemd gelyk. Maar baie van hulle het dit probeer doen omdat vir hulle geleer is dat dit nodig is as jy ’n Christen wil wees.
- Paulus het gedink dat meer mense Christene sou word indien hulle nie al die Joodse wette hoef na te kom nie.

Storie: Toe Paulus en Petrus en al die sendelinge nuwe gemeentes en Christen kerke help stig het, en oral-oor vir mense van die goeie nuus van wat Jesus kom leer het vertel het, het baie mense in Jesus begin glo wat nie ALTYD deel was van die groep vennootmense van die Ou Testament nie (maw die Jode) nie. Baie van die vennootmense (Jode soos PETRUS) wat in Jesus geglo het, het gevoel die nuwe Christene (wat uit ’n ander kultuur en manier van doen as hulle gekom het), al *hulle* wette en maniere van doen moet aanleer en gebruik voordat hulle kon deel word van die Kerk.

Tel die Bybel op en sê weer dat vandag se storie uit Handeling kom (dalk wil jy selfs blaaï na waar dit is)

(Jy kan gerus die video hier gebruik, OF die storie vertel deur die Impromptu-toneel metode te gebruik - sien “Belangrike Inligting” dokument)

Petrus se droom:

Petrus (een van Jesus se dissipels - kry iemand om Petrus te wees en uit te beeld) het geglo dat alle Christene, selfs heidene (dit is wat hulle mense genoem het wat nie van die begin af vennootmense/Jode was nie), soos Jode moes lewe en al hul wette en maniere van doen nakom.

Petrus het by 'n vriend gekuier met die naam Kornelius (roep iemand vorentoe om Kornelius te vertolk). Kornelius was deel van die Romeine - 'n kaptein in die leër - maar het tog in God geglo en 'n Manna Leefstyl geleef (gesorg vir die armes, geluister na God en gereeld gebid). Petrus het na die plat dak opgegaan om te bid. Toe vra hy iets om te eet....

Nou is dit belangrik om te weet: een van die reëls/maniere wat die Joodse-Christene geglo het die ander Christene moet aanleer en waarby hulle baie streng gehou het was dat hulle seker kosse nie geëet het nie. Terwyl hy wag vir die voorbereiding van die kos, het Petrus in 'n droomagtige toestand gegaan.

In sy droom het Petrus bokant hom 'n groot laken gesien (laar die laken afsak), soos 'n piekniekdoek, wat uit die hemel kom, gevul met diere van alle soorte (hier kan jy kinders gebruik om diere te wees of diere speelgoed gebruik), insluitende diere wat Jode as onrein beskou (dit beteken dat hulle dit nie wou eet nie).

Toe hoor Petrus 'n stem sê: “Kom Petrus, slag en eet.”

Petrus het gesê: “Van hierdie dinge mag ek nie eet nie, Here, want hulle is onrein. Ek het nog nooit geëet wat onrein is volgens die wette nie, Here. ”

Die stem het gesê: “Wat God rein maak het, mag jy nie onrein noem nie.”

Petrus het aan God bly verduidelik, en God het aan Petrus verduidelik. Toe word die doek met diere skielik weer na die hemel opgeneem.

Petrus word baie verward wakker uit sy droom.

Die Raad van Jerusalem:

Paulus (kies iemand om Paulus te wees) het van die begin af geglo meer mense sou Christene word as die Joodse mense wat Christene geword het nie so streng was met nuwe Christene oor die wette van die Ou Testament nie. Nadat Petrus sy droom gehad en vir Paulus en die ander apostels daarvan vertel het, het die leiers van die kerke (kry 'n paar kinders om die leiers te wees) debatte begin voer en geargumenteer oor wat die regte ding was om te doen.

Hulle het besluit om in Jerusalem te vergader om oor hierdie kwessie te besluit.

Dit was die eerste groot kerkvergadering en word vandag die *Raad van Jerusalem* genoem. (Ek wonder of enige van julle weet wat ons Kerk se groot vergaderings genoem word?)

Dit was 20 jaar na Jesus se Hemelvaart en hulle wou almal saam dink en praat oor wat hulle dink Jesus sou wou hê.

Paulus en Barnabas het die argument gelewer dat meer mense Christene sou word as hulle nie AL die Joodse wette moes onderhou nie. Paulus het gesê dat Christene gered word deur die genade van Jesus Christus, nie deur Joodse wette na te kom nie.

(Maar onthou julle van die balans tussen geregtigheid en genade?)

Jakobus, die leier van die Christelike kerk in Jerusalem, het saamgestem, maar hy het wel geglo dat daar sekere wette was wat baie belangrik is en wat steeds moet geld (veral die wat ons help met herinnering en hoop) soos bv. die noodsaaklikheid dat alle Christene die Sabbat moet onderhou en die Groot 10 (10 gebooue) moet nakom.

Die kerkleiers het almal saamgestem en briewe aan die ander kerke gestuur om hulle te laat weet oor die besluit. 'n Wonderwerk het gebeur! Die Joodse Christene het dit reggekry om alle mense in die gesin van manna mense in te nooi sonder om te eis dat hulle eers soos die Jode sou word.

ALMAL was een in Christus.

Onthou jy God se droom? Nou kon God se vennoot mense uiteindelik ander nasies wys hoe hulle die manna-manier moet volg, sonder om mense af te skrik met al die baie reëls.

DOEN SAAM:

MEDITATIEWE GEBED

- Ons gaan nou 1 gebed doen waarin ons ons hele liggaam gaan gebruik.
- Elke deel van die gebed het bewegings en dit gaan so:
 1. In verwondering maak ek myself oop vir die wêreld en alles daarin
(arms uitgestrek na die kante met palms na bo, draai bo-lyf heen en weer)
 2. Ek gaan na my hart - waar ek liefde voel vir ander
(hande oor jou hart)
 3. Ek strek myself uit tussen hemel en aarde waar alles wat gemaak het woon
(Een arm af na die grond en een bo na die lug)
 4. Ek omhels die wêreld met al haar mooi en al haar swaarkry
(Arms in sirkel vorentoe)
 5. Ek gaan na my wortels en waar ek vandaan kom en waardeer dat ander se wortels anders is as myne
(Hurk en maak 1 bakkie met jou hande)
 6. En ek bring alles wat God vir my gee na my binneste
(Staan en hou hande oor maag/diafragma)

- *Doen hierdie gebed 2-3 keer met woorde, dan 1x sonder woorde en nooi hul dan om 1 gebedsbeweging te kies waarin hulle voel hulle n ruk wil bly.*

ERVARING/AKTIWITEIT

Lees Handeling 10:1-16 (gee vir die wat wil geleentheid om elk n gedeelte te lees)

(Dalk wil hierdie groep ook klei speel en verskillende soorte kos uit klei bou - die ouer kinders geniet dit ook nog om af en toe te kan klei speel)

Gesels 2x2 of 3x3 oor wat die woord "vooroordeel" beteken - help indien nodig.

Ek wonder of die Jode vooroordele gehad het?

Ek wonder hoekom daar sekere kosse was wat die Jode, volgens hul wette, mag en nie mag eet nie?

Ek wonder waarom God sekere kos wat eers "onrein" was, "rein" gemaak het?

Ek wonder wat ons kan doen om alle mense welkom te laat voel by die kerk?

Seniors

Lees Handeling 10:1-16 (gee vir die wat wil geleentheid om elk 'n gedeelte te lees)

(Laat hierdie groep ook klei speel en verskillende soorte kos uit klei bou - die ouer kinders geniet dit ook nog om af en toe te kan klei speel.)

Gesels 2x2 of 3x3 oor wat die woord "vooroordeel" beteken

Ek wonder of die Jode vooroordele gehad het?

Ek wonder hoekom daar sekere kosse was wat die Jode, volgens hul wette, mag en nie mag eet nie?

Ek wonder waarom God sekere kos wat eers "onrein" was, "rein" verklaar het?

Ek wonder of daar maniere is waarop ons vandag nog vooroordele het?

Ek wonder wat ons kan doen om mense wat anders is as ons deel te laat word/voel van God se familie?

GENOEG & GENADE

Ontmoeting 8: Pinkster



KERNGEDAGTE: Na Pinkster is Jesus se dissipels bemagtig en toegerus vir die missie wat Jesus aan hulle gegee het: om die evangelie aan al die mense van die wêreld oor te dra.

Nota: Moeilike, maar sleutelwoorde word uitgelig en moet herhaaldelik verduidelik word. Onderstreepte woorde / frases is van kardinale belang vir die verband tussen lesse. Oorweeg dit om groot gedrukte weergawes van sleutelwoorde aan te bied om na te verwys tydens die verhaal en bewaar vir later verwysing.

Opmerking: Sonde is gedefinieer as mense wat Groot Koppe probeer word.

HULPBRON: Genoeg en Genade: 'n kort geskiedenis van die belofte van God om die hele heelal te herstel deur Daniel Erlander, bl. 59

SKRIF: Handeling 1: 8-9, 2: 1-42

STORIE: Sê herinnering en sê: (Vertoon waar almal dit kan lees.)

(Almal sê saam)

God het ons lief (*hande oor hart*)

En gee vir ons genoeg (*arms uit*)

Herstel ons met genade (*druk jouself*)

Maak nie saak WAT nie (*kop heen en weer*)

VIDEO: <https://www.youtube.com/watch?v=oNNZO9i1Gjc>

Lees die storie en die tema van verlede week (sien vierkante op die wasgoeddraad), veral die definisie van 'evangelie' (goeie nuus) en wat die goeie nuus was

- a) Jesus leef
- b) Jesus is deel van God en
- c) Jesus is die bron van God se genade.

Stel die tema van vandag bekend: **In Pinkster gees vir sending.**

Voordat u die verhaal van Pinkster vertel, vertel die kinders van Jesus se opdrag, ons roeping en Jesus se Hemelvaart:

Opdrag, Sending en Hemelvaart:

- Die dissipels (vroue en mans) het Jesus gevra of dit tyd was dat hy manna moes herstel. Jesus het vir hulle gesê dat mense nie sou weet wanneer al die nasies uiteindelik sou leef soos God wou hê nie, maar intussen het Jesus se dissipels 'n opdrag gehad om te doen.
- Onthou u verlede week toe Jesus op hulle geblaas het en die dissipels die Heilige Gees in hulself ontvang het? Jesus het vir hulle gesê dat hulle meer krag van die Heilige Gees sou ontvang. Toe het die dissipels gehoor hoe Jesus hulle 'n opdrag gegee het ('n taak om hulle aan te doen):
- Julle moet my getuies wees in Jerusalem en tot aan die uithoeke van die aarde. Ons noem dit nou die sending van die kerk of ons persoonlike sending as volgelinge van Christus.
- Toe word Jesus in 'n wolk opgehef en verdwyn. Ons noem dit Jesus se Hemelvaart (opgaan). Dit beteken eenvoudig dat Jesus die aarde verlaat het deur op te gaan.

Pinkster:

(U het 'n papierbord met 'evangelie' aan die een kant en 'goeie nuus' aan die ander kant. Dit is van die les van verlede week. U sal ook 'n woord strook hê wat sê 'Pinkster'. Laaste wat u sal hê 'n plakkaat wat die drie boodskappe van die evangelie bevat. Die woorde word hieronder uitgelig wanneer u die kaart tekens moet wys.)

- Die dissipels (vroue en mans) het angstig gewag op die krag van die Heilige Gees om hulle met hul missie te help. Hulle het Jesus gemis, maar geweet dat hulle 'n belangrike taak vir hom moes doen.
- Enkele weke later word een van die feeste / feeste van die Vennoot Mense / Jode gevier. Daardie fees word Pinkster genoem. Al Jesus se dissipels het besluit om Pinkster nie deur te bring in 'n luide viering by die tempel waar die ander Jode was nie, maar in 'n nabygeleë huis om te bid vir die Heilige Gees.
- Skielik kom daar 'n harde, hewige, storm wind. Dit was God se asem wat die hele huis gevul het! Toe vlieg vuur tonge deur die vertrek en rus op elkeen van die dissipels. Hulle was vervul met die Heilige Gees van God. Hierna het hulle elkeen in nuwe tale begin praat, tale wat hulle nog nie voorheen gepraat het nie. Hulle was geskok, maar opgewonde.
- Buite die fees was daar baie vennote (Jode) wat weens die Pinksterfees na Jerusalem gekom het. Hulle het van ver lande gekom, verskillende klere aangehad en verskillende tale gepraat. Hierdie buitelanders het die geluid van die huis hoor kom (geen vensters soos vandag nie), het die huis binne gekyk en iets verbaas gesien. Die mense daar binne was almal aangetrek soos Israëliete (mense wat in Jerusalem of daar naby gewoon het),

maar hulle het allerhande tale gepraat. Tale wat hierdie buitelanders verstaan. Wat dink jy het hulle gesê?

- Hulle het die evangelie, die goeie nuus, vertel. Onthou die les van verlede week was hoe die dissipels die goeie nuus / evangelie ontvang het:

a) Jesus was nie dood nie, maar het opgestaan,

b) Jesus is 'n deel van God, en

c) Jesus is die bron van God se genade

- Die mense wat van buite gekyk het, was verbaas. Hulle het geluister na die woorde oor God, dieselfde God wat hulle almal kom vier het en aanbid vir die Pinksterfees. 'Wie was hierdie Jesus?' wonder hulle. Hulle het vrae van die dissipels begin vra en meer oor Jesus gehoor.
- Daardie dag het 3000 vreemdelinge die evangelie geglo! Hulle het die goeie nuus van die **evangelie** gehoor en toe gevra: "Wat moet ons nou doen?"
- Petrus het gepraat en gesê dat hulle moet kies om die ma te leef die manier waarop Jesus geleer het, die manier waarop hul voorvaders geleer het in die woestyn skool, die manier waarop God die Vennoot Mense al so lank geleer het.
- Dadelik toe hulle begin glo het, het hulle ook die krag van die Heilige Gees vir hulleself ontvang. Die dissipels het vir hulle gesê dat hulle nou dissipels van Jesus was en dat hulle die **opdrag van Jesus** moes neem. Hulle missie was om huis toe te gaan na hul eie land om hul eie mense van Jesus te vertel, en van manna vir almal en genade vir almal. Die verhaal van Jesus sou oor die hele wêreld begin versprei soos Jesus gehoop het.
- As gevolg van die wonderlike gebeure van hierdie dag, noem ons in die kerk hierdie gebeurtenis **Pinkster**.

Afsluiting:

- Hoor by elke kind waarheen die Here hulle roep.
Voorbeelde is soos:
Begin deur om te vertel hoe die Here jou gebruik in jou beroep.
Die Here roep my om mense te help soos 'n onderwyser, dominee of dokter.
Die Here roep my om met die skepping te werk soos wildbewaarders, ekoloë of boer.
Die Here roep my om mense wat sukkel te help soos prokureurs, maatskaplike werkers, polisie of brandweer.

GENOEG & GENADE



Ontmoeting 9: Vrugte Van Die Gees

VIR DIE LEIER

KERNGEDAGTE: Soos die **Venoot-mense** voor hulle, het die vroeë Christene gesukkel om op die manna manier te leef soos Jesus en God hulle geleer het. Paulus het hulle 'n nuwe manier gegee om aan manna te dink - die vrugte van die Gees.

GENOEG EN GENADE BOEKVERWYSING: Genoeg en Genade: 'n Bondige geskiedenis van God se voortgaande belofte om die hele skepping te herstel; bl.67 (Paulus word genoem) & bl. 70 (hou indirek verband met die vrug van die Gees)

SKRIF: Galasiërs 1:11-24, 5:22

VIDEO: <https://www.youtube.com/watch?v= ZMJN6znUvY>

BENODIGHEDE:

- Tema-bladsy vir wasgoedlyn (vir verhaal)
- Wasgoedlyn en wasgoedpennetjie
- Bybel om na te verwys (vir verhaal)
- Groot gedrukte weergawes van belangrike woorde / frases (vir verhaal - opsioneel)
- Uitdeeltuk met ontwerp kombinasies en plekke vir die 9 stokke, 1 per ouer kind en 'n paar vir jonger kinders sodra hulle die groter weergawe geleer het
- 1 stel van 9 groot roomys-stokkies met 'n vrug van die gees gemerk op elk (vir storie en les), toegedraai in 'n rubberband (gebruik dit tydens die storie vertelling)
- 1 Stel van 9 vrugte-van-die -gees-stokkies van gewone grootte met 'n vrug van die gees op elke stokkie, toegedraai in 'n rubberband, 1 stel per kind
- 1 Stel van 4 kolletjies/strepie-stokkies van gewone grootte met ontwerpe daarop - kolletjies, strepe of leeg, toegedraai in 'n rubberband, 1 stel kind
- Vrugte (opsioneel)
- Huis geloof vir kommunikasie met ouers (Canva)
- Meerkat vinger poppies

ONTMOETING

AANKOMSRITUELE:

- Verwelkoming
- Rek/Strek/Speletjie
- Liedjies
- Verjaarsdae
- Offergawes
- Gebed vir die offergawes

Wasgoedlyn:

Hierdie week gaan ons fokus op “**Vrugte van die Gees**”. Gebruik ‘n prentjie wat met hierdie tema te doen het en hang dit op die wasgoedlyn/ plak dit op. Verwys ook terug na die vorige week se prentjie, om die vorige week se tema te hersien. Betrek die kinders met die ophang van die prentjies.

Sê 'n herinneringrympie saam op en sê: (vertoon waar almal dit kan lees.)

God het ons lief (*hande oor hart*)

En gee vir ons genoeg (*arms uit*)

God maak ons heel met genade (*druk jouself*)

Maak nie saak WAT ons doen nie (*kop heen en weer*)

STORIEVERTELLING:

Hersien weer die ontmoeting van die vorige week, veral oor die vroeë Christene ('n eienaardige volk wat soms vermoor is weens hul geloof in Jesus Christus). Verwys na die Bybel en sê dat die verhaal van vandag in die boek Galasiërs voorkom. Vra een van die kinders om jou dalk te help om dit in die Bybel te vind. Waar staan dit? Ou Testament of Nuwe Testament? Wie het die boek geskryf? (Paulus) Stel vandag se tema bekend: Vrugte van die Gees. Wie het al hiervan gehoor?

Paulus en die Galasiërs:

Gebruik groot roomys-stokkies vir die les om die vrugte van die Gees te vertoon.

- Liefde
- Vreugde
- Vrede
- Geduld
- Vriendelikheid
- Goedhartigheid
- Getrouheid
- Nederigheid
- selfbeheersing

Die begrip "**versoeking**" word beklemtoon omdat dit 'n belangrike aspek is van die speletjie wat die kinders tydens die ontmoeting sal speel.

Herinner die kinders aan Paulus en die brief wat hy aan die Galasiërs gestuur het uit 'n vroeëre verhaal.

Die doel van hierdie brief was om die mense/gemeente daaraan te herinner dat God Christene wou lei dmv die Heilige Gees, om Christene te help om op die manna-manier/leefstyl te leef, nie op die Romeinse manier nie.

Die Heilige Gees is God binne-in ons wat ons aanspoor om op die manna-manier te leef, die manier waarop God mense probeer leer het om te leef, soos Jesus geleef het.

Paulus waarsku die Galasiërs dat hulle vals / voorgee-Christene is wat net soos Christene optree as hulle by ander Christene is. As hulle alleen is of saam met nie-Christene, doen hulle nie die regte dinge nie (bid en dien ander) of voel hulle nie die regte dinge teenoor ander nie (deernis en liefde).

Deur gebed, diensbaarheid, medelye en liefde te leef, help dit jou om in die Gees te groei. Die Heilige Gees leer jou sodat jy meer soos Jesus kan word en op die manna manier kan leef.

Paulus noem dit om **deur die Gees te leef, sodat ons deur die Gees gelei kan word.**

Wanneer die Heilige Gees ons wel laat lei, is daar resultate. Paulus noem hierdie resultate die vrug van die Gees. Trek die groot roomys-stokke uit en verduidelik dit deur die konsepte wat hulle dalk nie ken nie, te definieer.

Paulus noem hulle vrugte, want soos 'n vrugteboom kan ons die wêreld wonderlike geskenke gee, soos ons **vriendelikheid of vreugde**. Hou daardie 2 stokkies op.

Die vrugte van vrugtebome is 'n plesier. Vra 'n paar van die kinders se gunsteling vrugte. Dit is ook aangenaam as ons **sagmoedigheid en liefde en vrede** ervaar. Hou hierdie 3 stokke op.

'n Boom moet water, sonskyn, goeie grond, goeie weer en kunsmis hê om vrugte te gee.

Die vrug van die Gees help ons om op die manna-manier te leef, die manier waarop God probeer het om die Venoot-mense te leer en die manier waarop Jesus geleef het.

Daar is dinge wat ons moet doen om te groei soos Christene

- om God waarlik te aanbid, nie net blindelings deur die gebruike te gaan nie
- om op 'n ware en opregte manier te bid, nie net vir optrede nie
- om te sing van God se eer wanneer ons aanbid
- om opreg sondes tydens die nagmaal te bely en te weet dat Jesus reeds vir ons sondes gesterf het
- om Christelike vriende en Christelike gemeenskap te hê om ons te leer

Al hierdie dinge help ons om in die Gees te groei om meer soos Jesus te wees. Dan sal ons ook die vrug van die Gees hê en agterkom wanneer ander die vrug van die Gees het.

In die **Woestynskool** het God die **Venoot-mense** geleer om nie die manna wat vir hulle gegee is te eet, te stoor/bere nie. Maar dit was moeilik. Dit het vereis dat hulle **selfbeheersing** moes hê. Wys nou die selfbeheersing roomysstokkie. Soms het hulle in die versoeking gekom om meer manna te kry as wat hulle nodig gehad het, selfs al sou dit beteken dat iemand anders nie genoeg sou hê om te eet nie. Toe hulle in die versoeking kom, verloor hulle hul selfbeheersing en ly hulle daaraan met stink, vrot manna. As hulle selfbeheersing getoon het, sou dit nie gestink/gevrot het nie.

Die vroeë Christene het met versoeking gesukkel, en ons ook. Die Heilige Gees moedig ons aan om meer te doen as net wat ons wil doen. Die Heilige Gees moedig ons aan om versoeking te vermy en selfbeheersing te hê, sodat ons die vreugde van die vrug van die Gees in onself en in ander kan ervaar.

Wanneer ons selfbeheersing leer, groei die Gees in ons en bied ons meer en meer vrugte van die gees wat ander kan sien.

MEERKAT-VINGERPOPPE:

Die idee is dat die meerkat-vingerpoppe bietjie vaslegging en vasvrae doen met die kinders van dit wat reeds/pas bespreek is. Vrae soos bv.:

- Hulle kan dalk vreemde goed opnoem wat hulle dink deel van die vrugte van die Gees uitmaak (bv. Eet, drink, sing) - laat toe dat die kinders hulle reghelp

- Wat is die vrugte van die Gees? Kan mens dit eet? (kyk hoeveel die kinders kan opnoem)
- Die vingerpoppe kan dalk regte vrugte 'eet' of vashou/uitdeel aan die kinders wanneer hulle iets reg antwoord.

DOEN SAAM:

MEDITATIEWE GEBED

Vra die kinders om gemaklik te sit en hulle oë toe te maak. Dit mag dalk 'n hele tydjie neem voordat almal lekker rustig is. Jy as leier sê nou die volgende woorde hardop terwyl die kinders in stilte op hul eie hieroor nadink. Gee genoeg kans tussen-in vir die kinders om werklik met God te kan gesels en Sy teenwoordigheid te kan voel.

- Sit lekker gemaklik met jou hande in jou skoot
- Maak jou oë nou toe en haal 3 keer lekker diep asem
- Raak nou lekker rustig.
- Dink terug aan die week. Wat het alles gebeur?
- Vertel dit nou vir die Here.
- Verbeel jou jy plant 'n saadjie in die grond.
- Hoe sou jy vir hierdie saadjies sorg, sodat dit kan groei?
- Gee in jou verbeelding vir die saadjie/plantjie water.
- In jou verbeelding, sit nou hierdie plantjie in die son.
- Deur te bid, te dien en mense lief te he - help jou om in die Gees te groei. Die Heilige Gees leer jou sodat jy meer soos Jesus kan word, amper soos wat ons water en son en sorg gee vir die saadjie/plantjie om te groei.
- Sien in jou verbeelding hoe hierdie plantjie groei tot 'n boom en uiteindelik ook vrugte dra.
- Watse vrugte dra jou boom?
- Hierdie vrugte wat jy dra is soos 'n geskenk vir mense - dit is om soos Jesus te leef.
- Herhaal elke keer hierdie woorde hardop saam en dink daarvoor na
 - Liefde
 - Vreugde
 - Geduld
 - Vrede
 - Vriendelikheid
 - Goedhartigheid
 - Getrouheid
 - Nederigheid
 - Selfbeheersing
- Sit nou vir so paar minute net lekker in stilte en gesels met Hom. Vertel vir Hom enige iets wat nou in jou hart is.

- Dalk is daar iets wat die Here vanoggend vir jou wil sê of dalk is daar iets wat jy graag vir Hom wil sê (gee 'n oomblik van stilte)
- Haal lekker diep asem (x3) en maak jou oë stadig oop

Is daar dalk iemand wat iets wil deel wat hulle nou ervaar het?

ERVARING/AKTIWITEIT

Vrugte van die Gees - Roomysstokkies Speletjie

Demonstrasie en materiale:

Gee elke kind 'n uitdeelstuk en sê vir hulle dat dit soos hul individuele spelbord is (Sien dokument aangeheg). Demonstreer dan die speletjie (sien speletjie-aanwysings hieronder). Gee dan vir elke kind 2 stelle roomys-stokke: 4 kolletjies/strepies-stokkies en 9-vrugte-van-die-gees-stokkies. Onderskei hierdie 2 soorte roomys-stokkies en sê vir hulle om dit nie te meng nie.

- 4 kolletjies/strepies-stokkies - die stel van 4 stokkies het kolletjies aan die een kant en strepe aan die ander kant, of hulle sal aan die een kant leeg wees.



- 9-vrugte-van-die-gees-stokkies - die ander stel van 9 stokkies sal elkeen 'n vrug van die gees hê waarop dit geskryf is (dit moet jy as leier self aankoop en voorberei)

Die kolletjies/strepies-stokkies moet bo-aan almal se uitdeel stukke op die tafel geplaas word. Die woord stokkies moet aan die regterkant van die uitdeelstuk gelê word in die volgorde op die uitdeelstuk. Die uitdeelstuk is soos hul individuele spelbord. Dit wys die kombinasie van stokke wat elke vrug van die Gees verteenwoordig, visueel. Die liefde word byvoorbeeld voorgestel deur 3 stokke met kolletjies daarop en 1 leë stok.

Speletjie-aanwysings:

Vat al 4 kolletjies/strepies-stokkies in een hand en hou hulle regop in die lug, weg van die uitdeeltuk. Laat hulle val sodat die stokke in verskillende kombinasies val, soos Pickup Sticks.

Sit nou die stokkies langs mekaar en groepeer dit sodat pare of drieling van ontwerpe (d.w.s. 2 stokke met kolletjies of 3 leë stokke) links geplaas word. Kyk nou na die kombinasie van die stokkies (bv. Kolletjie + Kolletjie + strepies + niks) en kyk op jou bordspel met watter vrug van die gees dit ooreenstem.

Sodra jy die bypassende ontwerp kombinasie gevind het, plaas daardie vrug-van-die-gees-stokkie op jou bladsy op die plek wat daarvoor voorsien word. As hierdie stokkie alreeds aangebring is, gooi die stokkies weer.

As u die ontwerp kombinasie vir VERSOEKING kry, verloor jy jou SELFBEHEERS-stok as jy dit alreeds geplaas het. Haal die stok van die uitdeeltuk af en probeer dit weer. As jy nog nie die SELFBEHEER-stok geplaas het nie, laat val die stokke weer.

As al 9 vrugte-van-die-gees-stokke op die uitdeeltuk geplaas word, is jy klaar en kan jy 'n ander persoon wat probleme ondervind, help met jou eie stel stokke.

Bespreking:

Terwyl die kinders speel, veral as hulle aan die gang is, gesels met hulle oor die woorde op die stokkies. Sommige van die konsepte sal hulle ken, maar ander is onduidelik, soos '**getrouheid**'. Fokus op die begrippe wat hulle dalk nie so goed ken nie.

- Gesels oor hoe dit lyk as jy 'n spesifieke vrug van die gees het.
- Maak 'n verband tussen VERSOEKING en SELFBEHEERSING wanneer 'n kind 'n VERSOEKING-kombinasie kry.
- Verduidelik waarom daardie stok weggeneem moet word. Jy kan iets sê soos: "Miskien het jy in die versoeking gekom deur lekkergoed, jou selfbeheersing verloor en soveel lekkers geëet, dat jy 'n maagpyn gekry het." Verduidelik dan dat ons, as gevolg van God se genade, altyd die kans het om weer te probeer en te wen meer selfbeheersing.

AFSLUITING:

Besprek watter vrugte van die Gees die maklikste en moeilikste is vir hulle in die skool, huis en in die kerk. Vra oor wanneer hulle die meeste versoek word. Deel ook jou eie stryd met hierdie probleme.

Sluit af deur elkeen een van die vrugte van die Gees te kies en ook hardop te se, wat hulle graag hierdie week op wil fokus!

Eet nou lekker saam aan 'n paar vrugte en dink aan vandag se bespreking!

GENOEG & GENADE



Ontmoeting 10: Doop

VIR DIE LEIER

KERNGEDAGTE: *Johannes die Doper was nie verwagte profeet wat Jesus as die Messias sou voorstel/inlei. Dit was vir Johannes 'n eer om Jesus te kon doop. Net soos Johannes, en die Vennoot-mense voor hom, het Jesus tyd in die woestyn spandeer waar hy geleer het en onderskei het wat sy missie is.*

GENOEG EN GENADE BOEKVERWYSING: Bladsy 41-42

VIDEO: <https://www.youtube.com/watch?v=AT77Co3hr1U>

SKRIF: Jesaja 40:3; Matteus 3:1; Lukas 1:76; 2:52; 3:4, 10-14; 4:1-13

Nota: Moeilike maar belangrike woorde word ingekleur en mag dalk herhaaldelik verduidelik moet word. Onderstreepte woorde/frases is noodsaaklik vir die verbande tussen ontmoetings.

BENODIGHEDE:

- Herinnering gesegde op plakkaat/powerpoint
- Tema bladsy op wasgoedlyn of muur
- Bybel
- 3 bakke of emmers vir die speletjie aan die einde
- 30 woorde/frases vir die speletjie (dit kan op wasgoedpennetjies, roomys stokkies of gewone papier wees) (sien hieronder)

ONTMOETING

AANKOMSRIJUELE:

- **Verwelkoming**
- **High 5 ry**
- **Laat almal hulle skoene uittrek en verduidelik dat ons nou op Heilige Grond staan. Nie omdat die grond so spesiaal is nie, maar omdat God vir ons hier kom ontmoet.**
- **Steek 'n kers aan**
- **Sing 2 of 3 liedjies wat die kinders goed ken**
- **Verjaarsdae**
- **Herinnering rympe:**

God het ons lief (hande oor hart)

En gee vir ons genoeg (arms uit)

God maak ons heel met genade (druk jouself)

Maak nie saak WAT ons doen nie (kop heen en weer)

- **MOM - My Own Money (Offergawes)**
- **Gebed vir offergawes: een van die kinders**
- **Wasgoedlyn:** Hersien vorige weke se lesse op die wasgoedlyn. Waar is ons nou? Laasweek (of keer?) het ons oor Abraham en Sarah en hulle reis gesels, en hoe hulle soms verkeerde besluite gemaak het en God hulle aanhou vergewe het. Ons het die woord **Vennoot-mense** geleer.

STORIEVERTELLING:

Gebruik die Bybel om te verduidelik dat vandag se storie in Matteus en Lukas gelees kan word. Ons is nou in die Nuwe Testament van die Bybel. (Hier kan ook bietjie uitgebrei word oor die evangelies).

Tydens die vertelling van die storie kies twee vrywilligers - een is Jesus en die ander een Johannes die dooper. Om die kinders te help om met hierdie karakters te “connect” vra vir Johannes die Doper om aan die linker kant van die gehoor te staan. Verder sal daar hieronder meer riglyne gegee word oor waar die karakters moet wees.

*Wanneer daar na die woestyn verwys word gebruik die term: **woestyn skool** omdat dit met vorige lesse skakel waar die Vennoot-mense in die Woestyn Skool was in Sinai en Babilonië.*

Baie van hierdie “bullet” punte is sleutel konsepte vir die speletjie wat na die les gespeel word, so maak seker dat jy al die “bullets” dek wat in die hulpbron afdeling gelys word.

JOHANNES DIE DOPER

(kies 'n vrywilliger, seuntjie of dogtertjie, om Johannes te wees. Laat Johannes aan die linkerkant van die gehoor staan en gee vir die kind Johannes se naamkaartjie om te dra)

- Johannes was Jesus se nefie - sy ouers was Elisabeth en Sagaria, Jesus se oom en tannie.
- Maria het by hulle gaan kuier terwyl sy swanger was met Jesus
- Die **profeet** Jesaja het vooruit vertel dat iemand in die woestyn sou **verkondig** dat die **Messias** sou kom. (*verduidelik wat verkondig en Messias beteken*)
- Johannes het in die Woestyn Skool gewoon soos die Vennoot-mense voor hom - hy het sprinkane en heuning geëet. Hy was soortvan 'n wilde man wat besig was om te leer wat hy vir God en Jesus, die **Messias**, moes doen.
- Johannes het gepreek en gesê: **Bekeer** en word **gedoop**! Die **Koninkryk van God** kom! (Verduidelik al drie die uitgeligte woorde volgens ons tradisie: bekeer = terug draai na God toe, doop = verbondsdooop en Koninkryk van God = nuwe hemel en aarde wat al aan die kom is van Jesus se lewe en dood af)
- Johannes het ook Jesus as die **Messias** verkondig en vir die Jode gesê hulle moet hulleself vir Hom voorberei.
- Toe hulle gevra het wat hulle moet doen om voor te berei het Johannes vir hulle gesê om op te hou om kos en klere vir hulleself te hou. Hulle moet dit wat meer is as wat hulle nodig het weggee en deel. Dit is die "Lewe van Genoeg" wat God alreeds vir die Jode in die Woestyn Skool verkondig het.
- Vir die soldate en tollenaars het hy gesê dat hulle gelukkig moet wees met die geld wat hulle het, en ophou om meer te hou as wat hulle geskuld was.
- Johannes het vir Jesus, en baie ander, in die Jordaan Rivier in Israel **gedoop**.

JESUS

(los Johannes die doper aan die gehoor se linker kant, beweeg na die middel en kies 'n vrywilliger - dit kan 'n seuntjie of 'n dogtertjie wees wat Jesus uitbeeld. Laat die vrywilliger by jou in die middel staan en gee vir die persoon Jesus se naam om te hou/dra - verwys na die naamkaart en sê dat "Christus" Messias of Verlosser beteken)

- Gebore 'n paar maande na Johannes, sy ouers was Maria en Josef
- Jesus is die Messias waarvoor die Jode gewag het
- **Profete** het vir die Jode vertel van hierdie **Messias** wat hulle sou kom red en dat hulle die **Messias** moes verwag

(vra vir Johannes die doper om in die middel by jou en Jesus te kom staan)

- Jesus was **gedoop** deur Johannes in die Jordaan rivier
- By Jesus se doop het die **Heilige Gees** (God se Gees was aarde toe gekom het) in die vorm van 'n duif gekom. Daar was 'n harde stem wat gesê het: "Dit is my seun. Ek is verheug oor Hom".

JESUS INDIE WOESTYN SKOOL

(Jesus in die woestyn skool - los Johannes die Doper in die middel, en vat Jesus na die regterkant van die gehoor toe)

- Net soos die Jode in die Sinai skiereiland en Babilonië het Jesus ook vir 40 dae na die Woestyn skool gegaan.
- Hier was Jesus deur **Satan** se versoekings uitgedaag (die bron van dit wat sleg is in die wêreld), maar Jesus het nie ingeggee tot enige van hierdie versoekings nie.
- Jesus het in die Woestyn skool geleer watter die Messias Hy sou wees.

BEDIENINGS VAN JOHANNES DIE DOPER EN JESUS

(beweeg saam met Jesus terug na Johannes die doper wat in die middel staan)

- Jesus het uit die woestyn skool gekom, gereed om God se werk te doen.
- Albei het gesukkel en swaar gekry want hulle boodskappe was slegte nuus vir die GROOTKOPPE
- Albei het gepreek oor genade en guns vir almal
- Jesus het baie mense gesond gemaak deur net aan hulle te raak
- Albei het op dieselfde tyd in verskillende plekke gepreek en het verskillende volgelinge gehad
- Hulle boodskappe het mekaar ondersteun
- Sommige het gedink dat Johannes die Messias was, maar hulle was verkeerd - dit was Jesus!

JOHANNES DIE DOPER

(vat weer vir Johannes na die linkerkant, los Jesus in die middel)

- Johannes was gevangene geneem en doodgemaak deur Koning Herodus se seun, wie op daardie stadium geheers het

JESUS SE DOOD EN OPSTANDING

- Jesus was gekruisig vir dit wat hy gepreek en geleer het vir ander mense
- Hy het opgestaan na 3 dae in die graf
- Jesus het gesê: “Ek is altyd by jou”

DOEN SAAM:

MEDITATIEWE GEBED

- Laat almal rustig op die grond sit. Begin met ‘n eenvoudige asemhaling oefening.
- Sê die volgende woorde in ‘n rustige stem: “Ek behoort aan God. Jy behoort aan God. Elkeen van ons behoort aan God”
- Dink bietjie hoe jy jouself aan mense wat jy vir die eerste keer ontmoet voorstel
- Miskien sê jy jou naam...
- Wie jou ouers is...
- Het jy boeties of sussies...
- Waarvan hou jy...
- Hoekom sê ons nooit heel eerste dat ons ‘n kind van God is nie?
- Dink daaroor...
- Sê vir God dankie dat jy een van God se kinders kan wees...
- Maak rustig oop jou oë. Kyk vir die maat langs jou en sê vir haar/hom: “Ek is ‘n kind van God”

ERVARING/AKTIWITEIT

Sit drie emmers/skottels/bakke neer en kry 30 voorwerpe (balle, knope of klippies). Die drie emmers verteenwoordig (1) Johannes die Doper (links), Jesus (regs) en albei (middel). Maak seker die emmers is duidelik gemerk. Skryf die 30 woorde/frases neer. Deel die groep in twee spanne. Die mentor lees elke keer die woord/frase en dan moet die span besluit waarheen hulle klippie/bal moet gaan. Hulle hardloop dan en gooi dit in die emmer. Vir elke regte antwoord kan die span ‘n punt kry.

Die mentor kan ook besluit afhangend van die kinders se verstaansvlak en energie of die 30 woorde en frases uitgedruk en geknip is, en dat elke span kans kry om een te trek. As jy twee stalle maak kan dit ‘n kompetisie raak oor wie dit die vinnigste klaarkry. Daar is talle alternatiewe en opsies vir die speletjie

Die doel van die speletjie is die vaslegging oor wie Jesus is en wie Johannes die Doper was.

Vir kleiner kinders kan daar twee prentjies wees van Jesus en Johannes die Doper en die storie kan hersien word soos hulle dit inkleur. Dit kan ook ‘n speletjie wees deur vrae

te vra - amper soos 'n "paint by numbers". Deel enige van die prentjies op in 10-12 blokkies en vra die vraag by die regte nommer. Net as die vraag reg beantwoord is kan hulle solank daardie blokkie inkleur.

AFSLUITING

Gesels met jou groep oor hoe belangrik Jesus en Johannes vir mekaar was. En ook hoe hartseer Jesus moes wees toe Johannes gevang en doodgemaak is. Hoekom is vriendskappe vir ons belangrik vandag? En familie?

Hoe kan hierdie verhoudings met familie en vriende vir God gelukkig maak?

Bid saam in dankbaarheid oor die twee mense en die belangrike, lewenslange vriendskappe wat ons almal kan hê te danke aan Jesus.

GENOEG & GENADE



Ontmoeting 11: Johannes se Openbaring vol simboliek

VIR DIE LEIER

KERNGEDAGTE: Johannes het drome gehad wat simboliese boodskappe vir die Christene van daardie tyd was. Hy het dit neergeskryf en na 7 gemeentes gestuur. Dit het die boek Openbaring geword, 'n boek oor hoop vir die toekoms.

GENOEG EN GENADE BOEKVERWYSING: Bladsy 73

VIDEO: <https://www.youtube.com/watch?v=UNDX4tUdj1Y>

SKRIF: Openbaring

Nota: Moeilike maar belangrike woorde word ingekleur en mag dalk herhaaldelik verduidelik moet word. Onderstreepte woorde/frases is noodsaaklik vir die verbande tussen ontmoetings.

BENODIGHEDE:

- Koeverte
- Letter-teëls (bv. scrabble, bananagrams ens.)
-

ONTMOETING

AANKOMSRITUELE:

Verwelkoming, Kers aansteek & Doopherinnering, Verjaarsdae, Offergawes, Ons Deel Boks, Kerkjaar, Herinnerings Rympie

Wasgoedlyn / Bybeltydlyn

Hersien die vorige week se se ontmoeting: spesifiek die idee dat daar 'n globale kerk van Christus is wat almal in die wêreld omgee en help, of hulle nou Christene is of nie. Sê dat vandag se storie in die boek Openbaring afspeel (gebruik die Bybeltydlyn, vra vrae, deel iets oor wat Handeling was ens).

STORIEVERTELLING:

Plaas/plak vooraf die 7 name van 7 gemeentes op die vloer.

Openbaring Inleiding: (gebruik diskresie oor watter van die feite jy wil oordra en wat nie)

- Geskryf as 'n brief (soos Paulus se briewe) aan 7 kerke
- Hierdie brief het die laaste boek in die Bybel geword
- Heeltemal anders in styl en toonaard van ander boeke in die Nuwe Testament
- Johannes, die skrywer, is 'n gevangene op die eiland Patmos
- Die skrywer is waarskynlik nie Jesus se dissipel Johannes nie, omdat Johannes 'n algemene naam was in die tyd wat hierdie boek geskryf is
- Die Romeine het Johannes gedwing om op die eiland te woon agv sy oortuigings en prediking oor Jesus
- Eerste woorde: “Die openbaring van Jesus Christus wat aan Johannes gegee is ...”
- Die woord *Openbaring* (wortel = onthul) beteken iets wat bekend gemaak word
- Deur middel van geheime simbole het die brief betekenis gegee aan die Christene se geloof en hul moeilike lewens in die Romeinse Ryk waar die Christendom onwettig was
- Baie Christene word in die tyd deur die Romeine vervolg
- Die brief bevat drome, visioene, liedjies, straf en verlossing, skrik en triomf
- En bevat 'n ongewone visie van die hemel: die troon van God en die wat daar aanbid
- Johannes se motiverings vir die skryf van die boek Openbaring:
 - As 'n brief aan 7 Christelike kerke op die vasteland
 - Om hoop te gee aan die Christene wat bang was om vervolg en vermoor te word
 - Om te verklaar dat God by hulle is, maak nie saak hoe sleg dinge lyk nie
- Daar is geheime simbole in die boek. Dit is geskryf in kode om die betekenis daarvan weg te steek vir die Romeinse amptenare
- Dit bevat getalle, karakters, voorwerpe en diere - almal het betekenis gehad
- Beklemtoon aanbidding as ons reaksie op 'n lewende God
- Het 'n aanbiddingsboek geword van die vroeë Christelike kerk

Verdeel die kinders in die 7 kerke en laat hulle op die vloer sit met die naam op die vloer. As daar jong kinders is wat nie goed lees nie, maak die groepe van die begin af so op dat daar ten minste een goeie leser by elk is. Deel die 7 gemerkte koeverte uit.

Verduidelik dat die briewe almal dieselfde boodskap het, omdat die boek Openbaring aan al 7 die kerke geskryf is. Die Vroeë Christene sou afskrifte daarvan geskryf het en die brief dan aan die volgende kerk gestuur het. Verduidelik dat die boodskap in hul koeverte nie die hele boek is nie, maar 'n samevatting van die boek Openbaring.

Laat hulle dit in hul groepies lees en laat elke groep daarna terselfdertyd 1 goeie leser kies (of jy kan kies) om op te staan, hul koeverte oop te maak en hardop uit die briewe te lees, 1 sin elk. Daar is 7 sinne.

DOEN SAAM:

MEDITATIEWE GEBED

- Vra dat almal op hul rug sal lê sodat hul nie aan die persoon langs hulle raak en hul oë sal toemaak
- Haal lekker diep asem en asem weer lekker uit (herhaal tot almal rustig/stil is)
- Luister na al die klanke wat jy hoor
- Lê nou in stilte en luister bietjie, wat hoor jy alles
- Raak bewus van die gedagtes wat nou in jou kop rond dwaal
- Waaraan dink jy?
- Vertel dit vir die Here, asof jy dit vir 'n maatjie vertel
- God weet klaar waaraan jy dink, maar dis vir die Here so lekker om dit van jou te hoor
- Gee oomblik vir stilte
- Is daar iets wat jou bly gemaak het die week wat jy vir God wil vertel?
- Is daar iets wat jou hartseer gemaak het wat jy vir God wil vertel?
- Miskien wil jy vir God vra hoe jy in die week wat voorlê meer soos 'n vennoot van God kan leef?
- Haal weer lekker diep asem (herhaal so x3 keer)
- Kom stadig en rustig weer regop

ERVARING/AKTIWITEIT

Die kinders gaan visuele kodes met name vir Jesus in die boek Openbaring oplos. Verbind die aktiwiteit met die verhaal deur die gebruik van simbole in die boek Openbaring te beklemtoon. Verduidelik dat die baie name vir Jesus in die boek Openbaring soos geheime kodes vir gelowiges was. Nie-Christene het nie hierdie name geken nie, sodat Christene hul geloof in Jesus Christus geheim kon hou wanneer hulle moes. Om hierdie rede word Jesus vandag nog baie simboliese name genoem. Ons hoor hierdie simboliese name in baie liedere, gedigte ens.

Juniors & Seniors

Druk vir elkeen ń simbool-kaart uit (A4). Sit 'n paar van die simbool-sleutels neer vir verwysing. Nadat jy verduidelik het, demonstreer met die eerste paar letterkodes. Laat hul elkeen hul eie simbool-kaart invul. Moedig hul aan en kyk of hul antwoorde reg is terwyl hulle werk. Help waar nodig. Hulle kan mekaar ook help. (Die ouer kinders kan selfs probeer kyk wie eerste alles kan kry)

Wanneer elke naam voltooi is, praat oor die betekenis van die name. Begin elke keer met “Ek wonder...” (bv. Ek wonder wat hierdie naam beteken) *Sien verduidelikings van terme onder om te help in die gesprek, maar wees versigtig om dit as die “regte antwoord” voor te hou en so die kind te “shame” wat “die verkeerde antwoord” gegee het. Sê eerder iets soos: “Ek het al gehoor...” of weer “Ek wonder of dit nie kan wees dat...” of verduidelik moeilike woorde en help hul dan om oor die betekenis te dink.

Aanwysings:

- Los elke reël van die kode-kaart op deur die simbool-sleutel te gebruik.
- Vind die regte letter deur elke simbool by die letter te pas.
- Nadat jy die letter gekry het, skryf dit in die vierkant.
- Elke reël openbaar 'n naam van Jesus wat in die boek Openbaring voorkom.

ALFA EN OMEGA (1: 8)

Alfa(begin) en omega (einde) is die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet.

SEUN VAN DIE MENS (1:13)

Jesus het hierdie naam vir homself in die evangelies gebruik. Dit beklemtoon dat Jesus 'n mens is.

WARE GETUIE (3:14)

Dit is die een wat alles ken en sedert die skepping die geskiedenis gesien het.

LEEU VAN JUDA (5: 5)

Leeu was die simbool van Juda se stam, daarom is Jesus die beste van almal wat uit Juda afstam, insluitend koning Dawid.

AFSTAMMELING VAN DAWID (5: 5)

(verduidelik met die volgende naam)

Ten spyte van baie foute was Koning Dawid was die beste/bekendste van al die konings wat die vennootmense gehad het. Die enigste een wat 'n nog beter koning as koning Dawid kon wees, is Jesus wat familielid van koning Dawid was. Dit was belangrik vir die vennootmense dat Jesus uit daardie familie kom.

LAM (5: 6)

'n Lam word tydens die tempelaanbidding doodgemaak om die sondes van die aanbidders te vergewe. Jesus word deur baie beskou as die uiteindelijke offer vir almal en vir ewig. Die Vennootmense (Jode) offer nie meer diere nie.

HERDER (7:17)

(kontrasteer en verduidelik met die naam hierbo - Lam)

Iemand wat omsien na skape of lammers en hul lei. Lammers/skape is soms ook simbolies vir mense omdat ons gereeld sorg, hulp en rigting nodig het.

GESALFDE (12:10)

Dit is die Griekse woord 'messias', die verlosser waarop die vennootmense (Jode) gewag het. Konings en ander figure word gesalf wanneer hul 'n belangrike rol gaan inneem of taak uitvoer. Jesus het aarde toe gekom vir 'n baie spesiale en belangrike taak - om die

vennootmense te kom red en leer hoe om te leef. (ook bekend as Jesus Christus en Jesus die Christus).

Die dier met 7 koppe en 10 horings (13:1)

Die dier uit die see is 'n simboliese verwysing na Rome (die stad waarin die Keiser gebly het) wat oor die hele wêreld van Jesus regeer het. Rome is op 7 heuwels gebou, daarom skryf Johannes van 'n draak met 7 koppe. Die 10 horings verwys na die 10 keisers wat vanuit Rome geheers het van die 1e keiser Augustus tot die 10e een wat heers in die tyd van Openbaring (sy naam was Domitian). Al hierdie keisers het na hulself verwys as "seun van god" daarom sien Johannes hulle as 'n bedreiging vir die ware Evangelie waar net Christus die Seun van God is.

DIE WOORD VAN GOD (19:13)

Hierdie simbool vir Jesus is ook in die Evangelie van Johannes 1: 1. In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was self God.

Verbind met die Genesis-verhaal van die skepping wat begin, toe sê God.... Die skepping het deur God se woord begin. God het die skepping tot stand gebring.

Jesus was selfs by die skepping by God.

HELDER MÔRESTÊR (22:16)

'n Ster skyn lig aan (Jesus noem homself die lig van die wêreld in die evangelie van Johannes); lig laat nuwe visie en begrip toe.

Die môrester bied 'n nuwe dag, 'n nuwe begin, nuwe potensiaal en HOOP.

GENOEG & GENADE

Ontmoeting 12: Uitreik Zondag



GENOEG & GENADE

1

3

Ontmoeting 13: 'n Wêreldwye geloofsgemeenskap

VIR DIE LEIER

KERNGEDAGTE: Paulus het vir verskillende kerke vir bydraes vir die Jerusalem gemeente gevra, omdat hulle swaar gekry het. Die nuwe Christene het ruimlik gegee. Die kerk probeer vandag nog vir alle mense, oor die hele wêreld, wat swaar- en seerkry, sorg.

GENOEG EN GENADE BOEKVERWYSING: BI 68-69

VIDEO: <https://www.youtube.com/watch?v=62CliEkRCso>

SKRIF: Romeine 15:22-29; 1 Korintiërs 16:1-4; **2 Korintiërs 8:1-15**

Nota: Moeilike maar belangrike woorde word ingekleur en mag dalk herhaaldelik verduidelik moet word. Onderstreepte woorde/frases is noodsaaklik vir die verbande tussen ontmoetings.

ONTMOETING

AANKOMSRITUELE:

Skoene uittrek, Verwelkoming, Kers aansteek & Doopherinnering, Verjaarsdae, Offergawes, Ons Deel Boks, Herinnerings Rympie, Kerkjaar

Wasgoedlyn / Bybeltydlyn

STORIEVERTELLING:

Hersien die vorige ontmoeting se tema, veral die idee dat die kerk die Liggaam van Christus is. Tel die Bybel op en vertel hulle dat vandag se storie gevind kan word in Romeine en beide die Korintiërs boeke. Stel vandag se tema bekend as: **'n Wêreldwye geloofsgemeenskap.**

Inleiding:

- Paulus, die sendeling, het die mense in die kerke wat hy begin het (meestal **heidene** [nie-gelowiges]) gevra om hulle ekstra manna (geld) as 'n spesiale offer te gee.
- As gevolg van die hongersnood, was die gelowiges in Jerusalem, besig om honger te lei.
- Die manna (offers) is bymekaar gemaak en na Jerusalem geneem.
- Paulus was baie bly hieroor. Die hele kerk was besig om die manna-manier te begin leef soos wat God Sy vennoot-mense geleer het. Hulle het gedeel en na mekaar

omgesien maak nie saak hoe ver van mekaar af hulle was of hoe verskillend hulle was nie.

Sending storie: Gebruik hierdie geleentheid om 'n storie te vertel van hoe jou kerk by sending betrokke was die afgelope tyd, verkieslik in 'n ander land. Hierdie storie is belangrik vir ons gemeente, want dit help ons besef dat ons nie alleen-volgelingen van God is nie. Daar is baie ander Vennoot-mense op verskillende plekke in die wêreld. En nog baie wat moet hoor dat hulle ook deel is van God se Vennoot-mense. Dit is ook vir God belangrik dat ander mense dit moet hoor. Dit is vir Hom baie hartseer as hulle nie weet dat hulle Sy Vennoot-mense is en deel is van die **Liggaam van Christus** (al die gelowiges oor die hele wêreld) nie.

DOEN SAAM:

MEDITATIEWE GEBED

Vra die kinders om gemaklik te sit en hulle oë toe te maak. Dit mag dalk 'n hele tydjie neem voordat almal lekker rustig is. Jy as leier sê nou die volgende woorde hardop terwyl die kinders in stilte op hul eie hieroor dink. Gee genoeg kans tussen-in vir die kinders om werklik met God te kan gesels en Sy teenwoordigheid te kan voel.

- Sit lekker gemaklik met jou hande in jou skoot
- Maak jou oë nou toe en haal 3 keer lekker diep asem
- Raak nou lekker rustig.
- Dink aan die plek waar jy al was wat die heel verste van jou huis af is. Dalk was jy nog nie verder as jou skool nie. Dalk net-net buite die provinsie. Dalk was jy al tot aan die ander kant van die land of dalk al selfs buite die land.
- Dink nou aan al die mense wat jy op daardie plek gesien het.
- Vertel nou vir die Here van die mense. Vra Hom om hulle op te pas en om Hulle te help om Hom raak te sien.
- Sit nou vir so paar minute net lekker in stilte.
- Dalk is daar iets wat die Here vanoggend vir jou wil sê of dalk is daar iets wat jy graag vir Hom wil sê (gee 'n oomblik van stilte)
- Haal lekker diep asem (x3) en maak jou oë stadig oop

ERVARING/AKTIWITEIT

Daar is twee moontlike fokuspunte hier: barmhartigheid of evangelisasie. Kies 'n opsie waarmee jy gemaklik voel en wat pas by die kultuur van jou gemeente asook die projekte waarmee jul reeds besig is.

Kleuters

Barmhartigheid: Jy sou hul die vorige week gevra het om 'n speelding wat steeds in goeie kondisie is, saam te bring kerk toe (moedig hulle aan om iets te bring wat hulle steeds baie van hou en nie noodwendig iets wat in onbruik verval het nie). Laat hulle dit nou alles saam in 'n boks sit. As jul wil kan elkeen 'n kaartjie teken (prentjie maak met hul naam op) om by te sit.

Junior Laerskool en Senior Laerskool

Barmhartigheid: Jy sou hul die vorige week gevra het om 'n speelding wat steeds in goeie kondisie is, saam te bring kerk toe (moedig hulle aan om iets te bring wat hulle steeds baie van hou en nie noodwendig iets wat in onbruik verval het nie). Laat hulle dit nou alles saam in 'n boks sit.

Evangelisasie: Doen die dominoes aktiwiteit met hulle (soos in die video geïllustreer)

<https://ministry-to-children.com/object-lesson-kids-sharing-gospel/>

https://www.youtube.com/watch?time_continue=78&v=7CFX5f_t6AE

Help hulle om te dink wie die mense naby aan hulle is, met wie hulle oor Jesus kan praat. Help hulle ook om te dink wat hulle kan sê wanneer hulle oor God en Jesus praat. Vra vrae wat hul lei om self by die antwoorde uit te kom. Jy kan die vrae aanpas en uitbrei vir jou ouderdomsgroep, bv.:

- Hoe weet ons voel God oor ons? [Hy het ons baie lief]
- Leef ons altyd presies soos God wil hê ons moet leef [Nee, ons is soms ongehoorsaam]
- Maak dit dat God minder lief is vir ons? [Nee, Hy is vol genade vir ons en vergewe ons wanneer ons GROOTKOPPE wil wees.]
- Wat het Jesus gedoen sodat ons ook deel van God se Vennoot-mense kan wees? [Hy het aan die kruis gesterf en toe weer opgestaan]
- Wat moet ons doen? [Ons moet ons manna (dit wat ons van genoeg het) en ons genade (wat ons van God ontvang het) ook met ander mense deel]

GENOEG & GENADE

1

4

Ontmoeting 14: God se verrassing

VIR DIE LEIER

KERNGEDAGTE: Die Vennoot-mense het uitgesien na die Messias wat hulle gaan red van al die groepe van Grootkoppe wat hulle onderdruk en veroordeel het. God stuur God se Seun om die wêreld te red, nie net die Vennoot-mense nie. Jesus was nie 'n ryk heerser, 'n militêre leier, of 'n spoggerige wonderwerk-man nie. Jesus was as 'n arm baba gebore en buite die GROOTKOPPE van sy tyd.

GENOEG EN GENADE BOEKVERWYSING: Hoofstuk 10; bl. 39-40.

SKRIF: *Sien onder die afsonderlike afdelings van die storie.*

VIDEO: <https://www.youtube.com/watch?v=7C2xhZ6KyGE>

BENODIGHEDE:

- 'n Bybel
- Bybel-tydlyn
- Groot gedrukte weergawes van belangrike woorde/frases (om die storie te vertel)
- 9 (of die hoeveelheid waarop jy besluit) tente wat gemerk word
- Kaarte (Egipte - Nasaret - Betlehem): 1 klein kaart per kind en 'n groter een vir fasiliteerder
- Witbord
- Witbordpen en uitveër
- Sakkie (vir albasters)
- Houertjie (vir albasters wat nie gebruik word nie)
- 6 albasters van die verskillende kleure wat nodig is
- Emosie-uitdeelstuk vir elke kind
- Lys vir fasiliteerder: Plekke, tonele, albasters en tekste
- Lys vir fasiliteerder: Albasters en Sintuig-/Gevoelensvrae
- Uitbeeldings van verskillende tonele (in tente)
- Huisgeloof

HULPBRONNE:

- Emosie-uitdeelstuk
- 'n Kaart van Josef en Maria se reis
- 9 Byskrifte vir tente:
 - Egipte

- Betlehem grot
- Veld naby Betlehem
- Nasaret
- Die Ooste
- Pad na Egipte van Betlehem
- Pad na Betlehem van Nasaret
- Pad na Betlehem van die Ooste
- Tempel in Jerusalem
- Sintuig-/Emosie-vrae
- Lys van plekke

ONTMOETING

AANKOMSRIJUELE:

Skoene uittrek, Verwelkoming, Kers aansteek & Doopherinnering, Verjaarsdae, Offergawes, Ons Deel-Boks, Herinnerings Rympie, Kerkjaar

Hersien die groot tema (Genoeg en Genade) en herinner hulle aan Ontmoeting 24 se kern-idees, veral dat daar baie GROOTKOP-groepe was in Jerusalem op die tyd van Jesus se geboorte. Gebruik die **Bybel-tydlyn** en wys vir hulle dat vandag se storie, die stories wat ons vertel met Kersfees, in Matteus en Lukas is wat 2 van die 4 evangelies in die Nuwe Testament is. Sê wat vandag se tema is.

STORIEVERTELLING:

Daar sal gemerkte tente wees op die vloer wat die verskillende plekke van die geboorteverhaal merk, 'n paar ekstra tonele, ens. Beweeg na elke plek en toneel soos wat jy die storie vertel en die tonele beskryf. Beklemtoon die hele tyd dat Jesus uit armoede gekom het en buite die GROOTKOP-groepe was van Ontmoeting 24, veral die Sadduseërs, Romeine en die Fariseërs. Die Groot Verrassing was hoe anders Jesus was van die Messias wat hulle verag het. Daar sal bekende stories wees, maar moenie aanneem dat almal dit ken nie.

Inleiding:

- Die Messias het uiteindelik gekom. Die profete was reg.
- Die mense sou gered word, maar nie op die manier wat hulle gedink het nie - nie deur 'n ryk heerser nie, nie deur 'n militêre leier nie, en nie deur 'n spoggerige wonderwerkman nie.
- Jesus sou gebore word as 'n arm buitestaander.

Plek 1: Nasaret

Toneel 1: Maria en die engel Gabriël (Lukas 1:26-38)

- Beskryf Nasaret, beklemtoon dat dit 'n klein dorpie is, ver van Jerusalem af.
- Maria was 'n tiener, arm en bang. Sy was belowe aan 'n man met die naam Josef, maar hulle was nog nie getroud nie.
- 'n Engel met die naam Gabriël het na Maria gekom en vir haar belowe dat sy sal geboorte skenk aan God se Seun.
- Maria het toe geantwoord dat sy dit sal doen omdat sy geloof gehad het in God en sy graag haar mense wou help.
- Om swanger te word met hierdie babatjie het haar wel in groot moeilikheid gebring.

Toneel 2: Josef en die engel Gabriël (Matteus 1:18-25)

- Josef was op die punt om vir Maria weg te stuur omdat hy skaam was dat sy swanger is met 'n baba voordat hulle nog getroud is.
- In 'n droom, het die engel Gabriël vir Josef verduidelik dat Maria geboorte sou gee aan die Messias waarvoor hulle almal gewag het.
- Die Messias is die Een wat die profete gesê het gaan kom om die Vennoot-mense te red.
- Josef het toe met Maria getrou, hy was lief vir haar en vir Jesus en het vir albei van hulle gesorg totdat hy dood gegaan het.

Plek 2: Die pad na Betlehem van Nasaret

Toneel 1: Maria en Josef (Lukas 2:1-5)

- Hoekom was hulle op pad na Betlehem toe? Die Romeinse belastingwette het gesê dat almal getel moet word. Maria en Josef het gekom uit Koning Dawid se familie. Betlehem was Koning Dawid se tuisdorp.
- Profesië is vervul (Miga 5:2 het gesê dat die Messias gebore sou word in Betlehem.)
- Kunswerke van die geboorte verhaal wys altyd vir Maria en Josef alleen terwyl hulle reis, maar dit sou nie veilig gewees het nie en Maria sou amper 'n baba hê. Familie en ander mense was heel moontlik saam met hulle.
- Dit sou baie moeilike dae gewees het van stap of ry op 'n donkie.

Plek 3: 'n Grot buite die herberg in Betlehem

Toneel 1: Maria, Josef en baba Jesus (Lukas 2:6-7)

- Beskryf Betlehem: 'n klein dorpie wat nog bestaan in Israel.
- Daar was nie meer plek in die herberg nie, maar daar was vir Maria en Josef plek gegee waar die diere gehou is - heel moontlik 'n grot en nie 'n hout skuur nie omdat daar so min bome was.
- Hulle was buitestaanders.
- Die krip was 'n kosbak vir die diere.
- Alle baba's is baie styf toegedraai in doeke wanneer hulle gebore is.
- Daar sou ander mense ook gewees het - nie net Maria en Josef nie.
- 'n Vrou sou gehelp het met die geboorte, nie Josef nie, heel moontlik Josef se ma of susters of dalk albei.

Plek 4: Die veld van die herders naby Betlehem

Toneel 1: Maria, Josef en baba Jesus (Lukas 2:8-20)

- Herders was buitestaanders en hulle is gesien as onrein omdat hulle werk vuil was en hulle kon rituele wasse doen soos die Fariseërs gesê het hulle moet nie.
- Koning Dawid was ook eers 'n herder.
- Dit was verrassend hierdie buitestaanders wat God gekies het om Jesus se geboorte aan af te kondig.
- Die herders het gekom om Jesus te aanbid in die grot.

Plek 5: Buite die tempel in Jerusalem

Toneel 1: Maria, Josef, baba Jesus en die Profeet Simeon (Lukas 2:21-38)

- Alle Joodse seuntjies is na die tempel toe gebring om aan God voorgehou te word wanneer hulle babatjies was.
- Lank voor dit, het God vir Simeon vertel dat hy die Messias sal sien voordat hy doodgaan.
- Simeon het buite die tempel gewag vir jare en geweet hy sal die Messias herken.
- Simeon het die baba Jesus herken en Jesus as die Messias aangekondig.

Toneel 2: Maria, Josef, baba Jesus en die Profeet Anna

- Soos Simeon, was Anna ook baie oud en altyd by die tempel.
- Anna het Jesus ook dadelik as die Messias herken.

Plek 6: Die pad van Betlehem van die Ooste af

Toneel 1: Sterrekykers volg die ster (Matteus 2:1-15)

- Hulle was sterrekykers, of astroloë, kenners wat gereeld na die aandlug gekyk het.
- Hulle het 'n groot, vreemde ster gesien.
- Hulle het die Joodse profesie gehoor van 'n Messias en geglo dat die ster beteken dat 'n koning van die Jode gebore is. Dis hoekom hulle na Koning Herodus, die Joodse koning, toe gegaan het om te vra vir hulp.
- Koning Herodus wou vir Jesus doodmaak omdat Jesus Herodus se mag uitgedaag het so Herodus sê toe vir die sterrekykers om terug te kom en hom te vertel wanneer hulle Jesus gevind het.
- Die ster het die sterrekykers tot by die grot gelei sodat hulle Jesus kon sien en aanbid.
- Hulle het 3 waardevolle geskenke gebring en daarom het sien ons altyd 3 sterrekykers in die prentjies van Jesus se geboorte.
- Hulle het nie teruggegaan om vir Herodus te sê waar Jesus was nie - hulle het 'n ander pad om huis toe gegaan.
- 'n Engel het in 'n droom vir Josef vertel dat Jesus in gevaar is en dat hy Hom Egipte toe moet neem.
- Die 3 geskenke is heel moontlik gebruik om te betaal vir Jesus se familie om vinnig Egipte toe te kan gaan.

Plek 7: Die Pad van Egipte van Betlehem

Toneel 1: Maria, Josef en baba Jesus (Matteus 2:14-15)

- Die familie het teruggegaan na Nasaret toe 'n engel in 'n droom vir hulle vertel het dat Koning Herodus dood was en dat dit veilig was om terug te gaan.
- Ons beste raaiskoot is dat hulle so 2 tot 3 jaar in Egipte was.
- Hulle het teruggegaan na Nasaret waar Jesus grootgeword het.

Slot: Verduidelik dat die tema “God se verrassing” daaroor gaan dat Jesus nie die tipe Messias was wat mense verwag het nie, maar dat Jesus eerder 'n arm, buitestaander was wat van die begin af in die moeilikheid was.

DOEN SAAM:

MEDITATIEWE GEBED

Hierdie ontmoeting het nie 'n aparte gebed nie, maar die aktiwiteit kan meditatief hanteer word. Laat die kinders hulle oë toemaak by elke plek, luister na jou hersiening van die storie en laat hulle probeer verbeel terwyl hulle dink oor die vraag.

ERVARING/AKTIWITEIT

Die gebeure van Jesus se geboorte is bekend vir sommige van die kinders so, oor die algemeen, gaan hierdie aktiwiteit hulle laat gesels oor die sintuiglike ervarings en gevoelens van die karakters in elkeen van die 7 plekke. Vir elkeen van die plekke, moet die kinders albasters uit 'n sakkie haal en die albaster se kleur bepaal die vraag wat hulle moet antwoord.

Herinner die kinders eerste aan die geografie. **Hou in gedagte dat sommige van die kinders die stories goed ken en ander nie.** Moedig die kinders aan en help met voorstelle vir antwoorde wanneer 'n kind hulp nodig het. Laat hulle toe om te antwoord as 'n groep wanneer dit gepas is.

Deel kaarte uit aan elke kind: Hierdie kaarte wys die reis van die familie. Die fasiliteerder se kaart sal óf 'n vergrote kopie wees óf handgeteken op 'n plakkaat/witbord wees. Wys duidelik:

- Die driehoekige land (Sinaï Skiereiland) waar die Vennoot-mense gereis
- Jerusalem (middel van Jerusalem waar Koning Herodus gewoon het)
- Nasaret (waar Maria en Josef gebly het en Jesus grootgeword het)
- Betlehem (waar Jesus gebore is)
- Egipte (waarheen hulle gevlug het)

As jy klaar die kaart verduidelik het, vee dit van die witbord af (as dit daarop geteken is). Verwys nou na die lys van 7 plekke (onder Hulpbronne) met details en aanwysings vir elke plek insluitend die teksverwysings. Skryf die eerste plek aan die bokant van die witbord.

Stappe vir die albasters vir elke plek: (doen al die stappe vir elke plek)

1. Skryf die plek op die witbord.
2. Sê die kinders moet die plek op hulle kaart vind.
3. Skryf die toneel(e) en karakters op en hersien vinnig wat gebeur sonder om enige sintuiglike of emosie-inligting.
4. Verwys na die lys vir *Albasters vir Sintuie/Gevoelens-vrae*. Dit verduidelik watter albasters in die sakkie moet wees vir elke plek. Nie al die albasters gaan in die sakkie wees die heelyd nie.
5. Laat 'n kind nou 'n albaster uithaal sonder om te kyk. Sê vir hulle wat die albaster beteken deur te kyk na jou lys. Laat hulle hulle opinie gee vir elke toneel in die betrokke plek.
6. Wanneer die gevoelens-vrae vir die eerste keer betrokke is (meestal die wit albaster), deel die gevoelens-uitdeeltuk uit.

7. Moedig elke kind aan om vir al die karakters in die toneel(e) by die betrokke plekke te antwoord. Baie keer sal die antwoord dieselfde wees vir al die karakters, maar nie altyd nie.
8. Los hierdie albaster buite die sakkie en vra 'n ander kind om 'n albaster te trek en gaan weer deur die stappe van nommer 4 af.
9. Gaan aan totdat al die albasters uit die sakkie is (of soveel soos wat daar voor tyd is.)

AFSLUITING:

(In die groot groep indien moontlik)